Kuns en Kultuur Graad 9

By:
Siyavula Uploaders

Kuns en Kultuur Graad 9

By:
Siyavula Uploaders

Online:
< http://cnx.org/content/col11066/1.1/ >

C O N N E X I O N S

Rice University, Houston, Texas

This selection and arrangement of content as a collection is copyrighted by Siyavula Uploaders. It is licensed under the Creative Commons Attribution 3.0 license (http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/).
Collection structure revised: September 15, 2009
PDF generated: February 6, 2011
For copyright and attribution information for the modules contained in this collection, see p. 91.

Table of Contents

1 Kwartaal 1
- **1.1** Analise van 'n verpakkingsontwerp 1
- **1.2** Massamedia en die musiekbedryf 4
- **1.3** Kleure in advertensies 9
- **1.4** Skep 'n advertensie of promosieveldtog 12

2 Kwartaal 2
- **2.1** Die invloed van tegnologie op die verspreiding van musiek 15
- **2.2** Strooisage of poppekas 23
- **2.3** Hoe dans die veranderende waardes van die tyd weerspieel 28
- **2.4** Subkulture met betrekking tot kuns en kultuur 40

3 Kwartaal 3
- **3.1** Sosiale danse deur die tye 53
- **3.2** Invloede en omstandighede wat 'n kunstenaar se ontwikkeling vorm 55
- **3.3** Hoe musiek gebruik word om reaksie te ontlok 59
- **3.4** Rolprente uit twee verskillende genres 64

4 Kwartaal 4
- **4.1** Beplan 'n radio advertensie 69
- **4.2** 'n Afrika-dans vir Erfenisdag 73
- **4.3** Ontwerp 'n verhoogstel en advertensieplakkaat 80
- **4.4** Enkelvoudige en reelmatige maatslag 83

Attributions 91

Chapter 1

Kwartaal 1

1.1 Analise van 'n verpakkingsontwerp[1]

1.1.1 KUNS EN KULTUUR

1.1.2 Graad 9

1.1.3 PERSOONLIKE EN SOSIALE VAARDIGHEDE

1.1.4 Module 1

1.1.5 ANALISE VAN 'N VERPAKKINGSONTWERP

VISUELE KUNSTE
Aktiwiteit 1 (groepwerk)

- **Benodigdhede**: Leerders bring elkeen enige vorm van **verpakking** of **houer** klas toe, bv. verpakkings vir graankos, waspoeier, koekies, lekkers, sjokolade, koeldrank, parfuum, ens.

- In julle groepe moet julle elkeen se verpakking bespreek aan die hand van die volgende tabel:

Analise van 'n verpakkingsontwerp
Bestudeer die gegewe verpakking en bespreek die volgende:

- Die beoogde boodskap (wat probeer die verpakking sê?)
- Die teikengroep (jeug, volwassenes, tuisteskeppers, werkende persone, ens.)
- Tegnieke en style (humoristies, ernstig, realisties, abstrak, ens.)
- Die kleurgebruik
- Die lettertipe/tipografie (pas die tipe letters by die boodskap?)
- Geskiktheid van die materiaal/materiale (vir die betrokke produk)
- Algemene effektiwiteit van die verpakking (maklik hanteerbaar?)
- Simbole, tekens of logos (veral enige verwysing na kulturele groepe)

- In julle groep moet elkeen nou 'n analise van sy/haar verpakking inhandig vir assessering.

ASSESSERING

[1] This content is available online at <http://cnx.org/content/m25290/1.1/>.

Die leerder is in staat om:	1	2	3	4	5	6	7
die verpakking te analiseer;							
‘n eie oordeel te vorm;							
begrip te toon vir effektiewe, goeie ontwerp.							

Table 1.1

	LU 3.8			

Table 1.2

Aktiwiteit 2 (groepwerk)

Elke groep kry nou ‘n nuwe produk, soos bv. ‘n skoonmaakmiddel, ‘n skoonheidsproduk, ‘n soort lekkergoed, ‘n koeldrank, ens. om te bemark. Die groep moet nou eerstens besluit op die volgende:

- Naam vir die nuwe produk
- Die teikengroep
- Advertensiestyl of tegniek
- Die kleurgebruik
- Die lettertipe

- Die groep moet nou saam ‘n plakkaat ontwerp om julle nuwe produk mee te adverteer. Hou bogenoemde elemente in gedagte! Kyk ook wat geassesseer gaan word:

ASSESSERING

PLAKKAAT VIR NUWE PRODUK	1	2	3	4	5	6	7
Verbeelding/ Oorspronklikheid: vernuwende, ‘vars’ aanslag – nie gekopieer nie							

continued on next page

Komposisie: vermoë om ‘n verskeidenheid kunselemente te gebruik om ‘n kunswerk te skep							
Tegniese vaardighede: kennis en toepassing van verskeie vaardighede							
Interpretasie: vermoë om eie begrip van opdrag uit te druk							
Samewerking: vermoë om binne ‘n groepverband te werk							

Table 1.3

	LU 3.4			

Table 1.4

1.1.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
continued on next page

LU 3
deelname en samewerkingDie leerder is in staat om persoonlike en sosiale vaardighede te toon deur individueel en in groepe aan kuns- en kultuuraktiwiteite deel te neem
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
ALGEMEENtov 3.1-3.4 hieronder, die volgende toon:
3.1 sensitiwiteit t.o.v. ander se musiekkeuses, kunsvoorkeure, ens;
3.2 bereid is om nuwe kulturele idees te verken en stereotipes te heroorweeg;
3.3 eie, groep en veranderende identiteite erken;
3.4 die vermoë toon om eie bydraes in enige kunsvorm uit te druk.
3.8 **VISUELE KUNS** • die invloed van die massamedia op die gemeenskap begryp.

Table 1.5

1.2 Massamedia en die musiekbedryf[2]

1.2.1 KUNS EN KULTUUR

1.2.2 Graad 9

1.2.3 PERSOONLIKE EN SOSIALE VAARDIGHEDE

1.2.4 Module 2

1.2.5 MASSAMEDIA EN DIE MUSIEKBEDRYF

MUSIEK

[2]This content is available online at <http://cnx.org/content/m25291/1.1/>.



Figure 1.1

- Gedurende die afgelope paar dekades het daar enorme ontwikkeling t.o.v. **tegnologie** plaasgevind. Ook die **musiekindustrie** is positief daardeur beïnvloed as 'n mens kyk na die aantal video's, CD's, programme, ens. wat beskikbaar is oor musiek. Ongelukkig hou dit ook negatiewe aspekte in vir die musiekindustrie:

- A.g.v. die relatief goedkoop digitale tegnologie kan tuisopnames gemaak word.
- Jy sou tuis jou eie *compilations* kon maak m.b.v. 'n CD-skryweren dus net die snitte kopieer waarvan jy hou (dit is onwettig!).
- Musiek kan van die internet afgelaai word.

- Dui aan met watter tegnologiese ontwikkelinge jy vertroud is deur 'n regmerkie of kruisie in die spesifieke blokkie te maak:

	Bandmasjien		CD-speler		Radio		DVD-speler
	CD-writer		Televisie		Video's		Internet

Table 1.6

Nou verbonde aan die vooruitgang op tegnologiese gebied is die massamedia! Die massamedia sluit in o.a. die televisie, radio, internet, musiekvideo's ens. waardeur 'n groot massa bereik kan word.

Die massamedia bepaal in 'n groot mate waarna jy luister – nie noodwendig uit vrye keuse nie! Dink byvoorbeeld aan die musiek wat jy hoor by sportbyeenkomste, in winkels, banke, restaurante, lughawes en selfs oor die telefoon as 'n spookstem vir jou vra om aan te hou of selfs aan te hang!

Aktiwiteit 1 (Individueel en groep)

- Ondersoek en analiseer advertensies (individueel). Juffrou kan 'n advertensie kies (radio, TV, ens.) en 'n opname aan julle voorspeel. Elke leerder ondersoek en analiseer die musiek van die advertensie m.b.v. die volgende vraelys:

Die doel van die advertensie?	
Op watter teikengroep is dit gerig? (Jeug, volwassenes, studente, vrouens ens.)	
Is die melodie maklik singbaar?	
Is daar enige trefkrag in die ritme?	
Pas die teks by die advertensie?	
Is die musiek instrumentaal of vokaal?	
Indien vokaal, is dit begeleid of onbegeleid (a capella)?	
Watter instrumente word hoofsaaklik gebruik?	
In watter styl is die musiek? (klassiek, rock, jazz, ens.)	
Sou jy die timbre as lig of donker beskryf?	
Is daar enige byklanke? Beskryf.	
Voel jy die musiek is geskik vir die spesifieke advertensie? Motiveer jou antwoord.	

Table 1.7

- Bespreek nou as klas of daar sekere aspekte is wat 'n mens sou kon veralgemeen t.o.v. musiek in advertensies.

ASSESSERING

Die leerder is in staat om:	1	2	3	4	5	6	7
Nuwe kulturele idees te verken							
Stereotipes te heroorweeg							

Table 1.8

	LU 3.2			

Table 1.9

Aktiwiteit 2 (Individueel binne groepverband)



Figure 1.2

Wat is vandag populêr?

Skryf 'n resensie vir die plaaslike of skoolkoerant oor 'n "uitvoering" van jou geliefkoosde liedjie en/of kunstenaar(s).

- Leerders word in groepe verdeel, verkieslik volgens elkeen se musieksmaak. Elke groep kan onderverdeel sodat elke leerder 'n spesifieke aspek behandel.
- Die eindproduk kan op 'n A4-vel papier gedoen word sodat elke leerder 'n fotostaat daarvan aan sy module kan vasheg.
- Lees gerus musiekresensies in koerante en tydskrifte om idees te kry ten opsigte van uitleg en aanbieding.

Wees oorspronklik!

Die berig moet die volgende insluit:

- Naam en foto van *Band* of kunstenaar
- Algemene voorkoms ten opsigte van modestyl
- Naam van *Song*
- **Styl** waarin die spesifieke lied is bv. *country, rock, rap, kwaito, gospel* ens.
- Samestelling van die orkes: m.a.w. watter **instrumente** gebruik word
- Kritiese bespreking van die **lirieke**
- Kritiese bespreking van die **komposisie** as sulks met verwysing na sekere elemente van die musiek soos bv. ritme, melodie, harmonie, timbre, ens.
- Bespreking van die **uitvoering** as sulks met verwysing na die sanger(s), instrumentaliste: balans, atmosfeer, ens.
- 'n *Rating* uit 10

- *Tips* vir verbetering!! (Net vir waaghalse!)

Die eindproduk, tesame met 'n gedeelte van die musiek, moet aan die res vandie klas voorgedra word.
AFLEIDINGS:
Die jeugkultuur ten opsigte van populêre musiek in my klas is:
Moontlike redes waarom hierdie tipe musiek die gewildste is:
ASSESSERING

Die leerder is in staat om:	1	2	3	4	5	6	7
Massamedia te omskryf							
Doelgerig en gedissiplineerd in 'n groep te werk							
'n Kreatiewe bydrae te lewer tot projek							
Kritiese evaluering van advertensie te gee							
Spesifieke elemente van musiek te evalueer							
Stil te luister na musiek							
Sensitiwiteit teenoor ander se musiekkeuses te toon							

Table 1.10

	LU 3.7			

Table 1.11

1.2.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 3
deelname en samewerkingDie leerder is in staat om persoonlike en sosiale vaardighede te toon deur individueel en in groepe aan kuns- en kultuuraktiwiteite deel te neem
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
ALGEMEENtov 3.1-3.4 hieronder, die volgende toon:
continued on next page

3.1 sensitiwiteit t.o.v. ander se musiekkeuses, kunsvoorkeure, ens;
3.2 bereid is om nuwe kulturele idees te verken en stereotipes te heroorweeg;
3.3 eie, groep en veranderende identiteite erken;
3.4 die vermoë toon om eie bydraes in enige kunsvorm uit te druk.
3.8 **VISUELE KUNS** • die invloed van die massamedia op die gemeenskap begryp.
3.7 **MUSIEK** • spesifieke elemente van musiek in advertensies en populêre musiek kan identifiseer en vertolk.
3.6 **DRAMA** • verantwoordelikhede binne groepverband kan deel.
3.5 **DANS** • dansmaat-vaardighede en danssekwense toon om kontrasterende en komplementerende vorms te skep, asook die vermoë toon om die gewig te kontrabalanseer met 'n maat.

Table 1.12

1.3 Kleure in advertensies[3]

1.3.1 KUNS EN KULTUUR

1.3.2 Graad 9

1.3.3 PERSOONLIKE EN SOSIALE VAARDIGHEDE

1.3.4 Module 3

1.3.5 KLEURE IN ADVERTENSIES

DRAMA

Kleure in advertensies

Aktiwiteit 1

Die groepe is ingedeel. Julle moet nou besluit wat julle gaan adverteer. Die advertensie kan oor die radio gespeel word, op die televisie geadverteer word of in die koerant of tydskrif geplaas word. Wat beteken dit? Eenvoudig dat indien die advertensie in 'n tydskrif geplaas gaan word, ons gebruik gaan maak van nie-verbale kommunikasie. Hier gaan julle net die TONEEL UITBEELD SONDER OM TE PRAAT.

Indien dit vir die televisie is, kan ons ook 'n nie-verbale advertensie maak.

Vir die radio benodig ons beslis spraak.

Aktiwiteit 2

Julle moet eerstens besluit wat julle wil adverteer. Onthou, julle mag nie bestaande advertensies gebruik nie. Daar is baie produkte om te adverteer soos bv. tandepasta, seep, waspoeier, koffie, melk, enige huishoudelike produk. Die treffendste advertensie sal natuurlik wegstap met die eerste prys! Daar kan weer

[3]This content is available online at <http://cnx.org/content/m25292/1.1/>.

gebruik gemaak word van die WERKSWINKEL-METODE, waar elkeen ‘n kans kry om ‘n sin of twee te skryf, en die volgende leerder moet dit dan voltooi, ensovoorts, totdat julle ‘n volledige teks het. Verwys ook na die Visuele Kunste aktiwiteit 2 vir idees.

Aktiwiteit 3

Besluit op musiek om by die advertensie te pas. Alles sal afhang van wat julle gaan adverteer. “Sagte” produkte soos seep, waspoeier en melk sal gebruik maak van strelende musiek. Babaprodukte ook. “Harde” advertensies soos petrol, bouwerk of verfwerk, sal weer musiek gebruik met ‘n bietjie meer woema. Besluit nou oor die musiek wat julle gaan gebruik. Elkeen in die groep kan musiek skool toe bring sodat julle daarna kan luister om te besluit wat julle wil gebruik. Indien daar nie ‘n CD-speler of kassetspeler is nie, kan julle altyd gebruik maak van verbale klanke of leë plastiekhouertjies/botteltjies of blikkies wat gevul is met sand, ryskorrels of klippies. Verwys hier na die Musiekaktiwiteit.

Aktiwiteit 4

Onthou julle advertensie moet die massa daarbuite beïndruk, dit moet dus treffend wees!

As julle bv. ‘n advertensie oor babas wil maak, sal julle die kleure pienk en blou gebruik. As julle ‘n advertensie wil maak oor waspoeier sal dit wit en blou kleure wees. Oor petrol of motortoebehore sal ons swart en bruin gebruik en oor koffie, melk, suiker, tandepasta kan ons geel en blou, groen en pers gebruik.

Aktiwiteit 5

Nadat julle reeds begin het om alles agtermekaar te kry vir die opvoering, behoort die volgende in plek te wees:

a) Die produk
b) Die regte musiek
c) Die geskikte kleure en kostuums of/en maskers
d) Die verhoog is ingeklee om by die advertensie te pas
e) Die verhoogbestuurder en die klankingenieur is gereed om te help waar nodig
f) Almal ken hul woorde!
g) Almal weet watter bewegings uitgevoer gaan word
h) Die advertensie eindig met ‘n KNAL! om die mense se aandag te kry

Aktiwiteit 6

Nadat al bogenoemde aktiwiteite voltooi is, is dit nou opvoertyd. Julle opvoeders sit gereed om te assesseer. Die klasmaats kan ook punte gee. Vra vir julle onderwyser om vir julle ook ‘n puntestaat te gee, sodat julle mekaar se werk kan evalueer. Moenie jaloers wees as ‘n ander groep se werk beter is as jou groep sin nie. Gee vir hulle ‘n punt op die skaal $1 - 4$.

ASSESSERING

Die leerder is in staat om:	1	2	3	4	5	6	7
‘n Groeprol te handhaaf, met verantwoordelikheid							
Die gevolge van oorheersing op die groep te begryp							
As individu ‘n waardevolle bydrae tot die groep se advertensie te lewer							

Table 1.13

	LU 3.6			

Table 1.14

Die leerder is in staat om:	1	2	3	4	5	6	7
Sensitiwiteit te toon t.o.v. ander groeplede se musiekkeuses, voorkeure, ens.							

Table 1.15

	LU 3.1			

Table 1.16

1.3.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 3
deelname en samewerkingDie leerder is in staat om persoonlike en sosiale vaardighede te toon deur individueel en in groepe aan kuns- en kultuuraktiwiteite deel te neem
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
ALGEMEENtov 3.1-3.4 hieronder, die volgende toon:
3.1 sensitiwiteit t.o.v. ander se musiekkeuses, kunsvoorkeure, ens;
3.2 bereid is om nuwe kulturele idees te verken en stereotipes te heroorweeg;
3.3 eie, groep en veranderende identiteite erken;
3.4 die vermoë toon om eie bydraes in enige kunsvorm uit te druk.
3.8 **VISUELE KUNS** • die invloed van die massamedia op die gemeenskap begryp.
3.7 **MUSIEK** • spesifieke elemente van musiek in advertensies en populêre musiek kan identifiseer en vertolk.
3.6 **DRAMA** • verantwoordelikhede binne groepverband kan deel.
continued on next page

3.5 **DANS**
• dansmaat-vaardighede en danssekwense toon om kontrasterende en komplementerende vorms te skep, asook die vermoë toon om die gewig te kontrabalanseer met 'n maat.

Table 1.17

1.4 Skep 'n advertensie of promosieveldtog[4]

1.4.1 KUNS EN KULTUUR

1.4.2 Graad 9

1.4.3 PERSOONLIKE EN SOSIALE VAARDIGHEDE

1.4.4 Module 4

1.4.5 SKEP 'N ADVERTENSIE OF PROMOSIEVELDTOG

DANS/ BEWEGING

Die dans kan die visuele kuns, musiek en drama komplementeer deur die skep van 'n advertensie of promosieveldtog van 'n produk.

Gebruik musiek begeleiding wat in die musiekklas verken is.

Opwarming

- Opwarming behoort toenemend en gereeld gedoen te word. Opwarming behoort die liggaam van beserings te vrywaar, soepel te maak, in stand te hou en ook tegniese vaardigheid te ontwikkel. Bewegingskombinasies en bewegingssekwense behoort deel te wees van opwarmingsoefeninge.
- Volg die opvoeder se leiding wanneer 'n reeks opwarmingsoefeninge aan jou voorgestel word. Onthou herhaling van sekwense en korrekte plasing van die liggaam is ten alle tye van belang om die liggaam te kondisioneer, soepel te maak en vaardighede te ontwikkel.
- Jy sal ook die geleentheid kry om jou eie kombinasies en sekwense te skep wat ontwerpelemente vir choreografie sal insluit soos vinnig, stadig, lig, vloeiend, rukkerig, hoog, laag en stil of rustig, sal insluit.
- Dansopwarming en -oefeninge wat gereeld en doelgerig uitgevoer word, kan ook jou liggaam voorberei en versterk vir jou gunsteling sportsoort.

Kontakimprovisasie

- Staan teenoor mekaar. Plaas hande voor borskas met oop palms na die ander persoon.
- Val gelyktydig na mekaar toe en vang mekaar oophand.
- Maak enige spontane geluid (bv. "oooo" of "aaaa") gedurende die valbeweging.
- Sit rug aan rug en leun beurtelings op mekaar. Die een ondersteun die ander.
- Die gewigsverplasing moet egalig plaasvind.

Refleksie

1. Hoe het dit gevoel om vorentoe te val?

1. Het jy die ander persoon vertrou? Hoekom? Hoekom nie?

[4]This content is available online at <http://cnx.org/content/m25303/1.1/>.

1. Wat is vertroue?

1. Vir wie vertrou jy die meeste?

Aktiwiteit 1
Riglyne vir ‘n eie komposisie/choreografie
Volg die aanbieder se leiding met die skep van ‘n komposisie.
Hardloop enige plek binne die ruimte – sonder om te bots en wanneer aanbieder op die tamboer of slaginstrument slaan, VRIES! Vorm dan die eerste alfabetiese letter van jou voornaam met jou liggaam.
Herhaal en volg aanbieder se opdragte met ‘n verskeidenheid lokomotoriese bewegings en toevoegings, bv.

- Verander van rigting op die tamboerslag.
- Vries en vorm die volgende letter van jou naam.
- Op elke daaropvolgende tamboerslag vorm jy ‘n letter van jou naam.
- Kies nou enige vier verskillende letters uit jou naam en skep ‘n vorm vir elke letter.
- Skakel die vier vorms met mekaar deur die gebruik van enige lokomotoriese bewegings, bv. gly, draai, rol, bokspring, ens.
- Herhaal verskeie kere.
- Oefen die sekwensie en voeg ‘n verskeidenheid van vlakke en rigtings by bv. hoog, laag, middel, vorentoe, sywaarts, ens.

- Herhaal totdat die vorms en bewegings van die een na die ander vloei.
- Voeg nou verskillende ritmes of tempo by die sekwensie, bv. vinnig, stadig, vloeiend, staccato, ens.
- Oefen die bewegings goed.

Werk in duo’s of trio’s en skep nou julle eie choreografie om ‘n nuwe produk – wat julle in die visuele kuns ontwerp het – bekend te stel deur middel van ‘n TV-advertensie of promosieveldtog.

- Aandag moet gegee word aan die gebruik van ruimte. ‘n Sterk begin, middel en einde is noodsaaklik.
- Julle kan julle eie musiekbegeleiding kies.

Die aanbieder sal julle ondersteun en monitor deur op te tree as fasiliteerder en toe te sien dat julle binne konteks die taak aanpak .
ASSESSERING

Die leerder is in staat om:	1	2	3	4	5	6	7
Bewegingsekwense en ‘n verskeidenheid van vorms uit te voer							
Met selfvertroue en verbeelding die produk bemark							
Eie danssekwensie te skep met ‘n duidelike begin, middel en einde							

Table 1.18

	LU 3.5			

Table 1.19

1.4.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 3
deelname en samewerkingDie leerder is in staat om persoonlike en sosiale vaardighede te toon deur individueel en in groepe aan kuns- en kultuuraktiwiteite deel te neem
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
ALGEMEENtov 3.1-3.4 hieronder, die volgende toon:
3.1 sensitiwiteit t.o.v. ander se musiekkeuses, kunsvoorkeure, ens;
3.2 bereid is om nuwe kulturele idees te verken en stereotipes te heroorweeg;
3.3 eie, groep en veranderende identiteite erken;
3.4 die vermoë toon om eie bydraes in enige kunsvorm uit te druk.
3.8 **VISUELE KUNS** • die invloed van die massamedia op die gemeenskap begryp.
3.7 **MUSIEK** • spesifieke elemente van musiek in advertensies en populêre musiek kan identifiseer en vertolk.
3.6 **DRAMA** • verantwoordelikhede binne groepverband kan deel.
3.5 **DANS** • dansmaat-vaardighede en danssekwense toon om kontrasterende en komplementerende vorms te skep, asook die vermoë toon om die gewig te kontrabalanseer met ‘n maat.

Table 1.20

Chapter 2

Kwartaal 2

2.1 Die invloed van tegnologie op die verspreiding van musiek[1]

2.1.1 KUNS EN KULTUUR

2.1.2 Graad 9

2.1.3 UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE

2.1.4 Module 5

2.1.5 DIE INVLOED VAN TEGNOLOGIE OP DIE VERSPREIDING VAN MUSIEK

MUSIEK

Aktiwiteit 1

Om te kan verduidelik hoe tegnologie musiek t.o.v. verspreiding beïnvloed het?

[lu 4.3]

- Stel die volgende prentjie aan jouself voor terwyl jy na *Eine Kleine Nachtmusik* luister: Dit is die 18de eeu in Europa. Die wonderkind, Mozart (13), se musiek maak opslae. Hy komponeer musiek en tree self ook op. Sou jy na sy musiek kon luister? Indien wel, hoe sou dit moontlik wees?

- Vergelyk dit met vandag. Noem die tegnologiese uitvindings wat dit moontlik maak om vandag na enige musiek te luister.

Hoe is musiek sedert die begin van die 20ste eeu versprei?

- Bladmusiek
- Langspeelplaat
- kassetbandjie
- Video
- MP 3
- Solus Sewe
- CD

Hoe het tegnologie musiek t.o.v. instrumente beïnvloed?

[1] This content is available online at <http://cnx.org/content/m25304/1.1/>.

- Sedert die ontstaan van die heel eerste musiekinstrument, is daar 'n belangrike skakel tussen musiek en tegnologie. Luister na die volgende drie gedeeltes om die verskil in klank te ervaar:

- Klavesimbel-musiek uit die 17de eeu (Barokperiode) van JS BACH
- Klavier-musiek van F CHOPIN

Die klavier ontwikkel uit die klavesimbel en bereik sy hoogtepunt in die Romantiese periode (1800 -1900). Een van die belangrikste tegnologiese ontwikkelinge t.o.v. die klavier is dat die instrument crescendo en diminuendo kan produseer (geleidelik harder en sagter), asook die ontwikkeling van die pedaal wat dit moontlik maak om klanke te verbind.

- *Poème Électronique* van Edgar Varèse

Sedert 1950 is dit elektroniese instrumente, veral instrumente met versterkte klank soos bv. die elektriese ghitaar en elektriese klavier wat op die voorgrond tree. Met die ontwikkeling van elektroniese- en rekenaartegnologie, stel dit die komponis in staat om beide komponis, sowel as uitvoerder te wees. Opnames word gemaak in studio's wat toegerus is met o.a. bandmasjiene, sintetiseerders, rekenaars en toestelle om klank te meng en te filtreer. Dit stel die komponis in staat om 'n geweldige breë spektrum van klank te ontgin.

- Kan jy die volgende herken?

Klokke
Sirenes
Stilte
Masjiengeluide
Stemme
Dieregeluide
Elektroniese klanke
Aktiwiteit 2 (groep)
Om die volgende aanhaling te kan debatteer

"Tegnologie is die kuns om die wêreld so te rangskik dat ons dit nie beleef nie"

– Max Frisch

Figure 2.1

- Een van die mees eksperimentele klassieke komponiste van die 20 ste eeu is gewis John Cage. Sy bekendste (of is dit dalk befaamste?) komposisie is *4' 33"*. (1952).

Kom ons voer hierdie werk uit!

- Een leerder hanteer die bandmasjien.
- Een leerder neem die tyd op – die opname moet presies 4'33" wees.

- Een leerder gaan stelling inneem voor ‘n instrument (byvoorbeeld ’n klavier) sonder om te speel! Die persoon is die uitvoerder.
- Die res van die klas is die gehoor wat luister!
- Die onderwyseres is die dirigent en dui aan presies wanneer die opname begin en eindig.

Goed: 1.....2.....3.....begin!

1 sekonde, 2 sekondes ....4 minute 30 sekondes, 4 minute 31 sekondes,4minute 32 sekondes, 4minute 33 sekondes STOP!

Luister nou na die opname!

Geen musiek? Slegs geluide!

Wat is die doel van hierdie komposisie?

Volgens die komponis probeer hy om komposisiemiddele so te rangskik dat hy nie ‘n idee het van wat gaan gebeur nie! Sy doel is om die doel uit te skakel. En die doel van hierdie doellose musiek word bereik as mense leer om te luister – ook na alledaagse geluide! Hierdie tipe musiek bevorder die kommunikasie tussen die komponis en die luisteraar.

Aktiwiteit 3 (Groep en individueel)



Figure 2.2

- Verdeel in groepe. Bestudeer die illustrasie, luister na die opname en bespreek en beantwoord die vrae:

- Wat word hierdie tipe dans genoem?

- Wat noem ons die skrif teen die agtergrond?

- In watter omgewing, dink jy, sou jy hierdie prent vind?

- Watter tipe sang gaan hiermee gepaard?

- Beskryf die sang.

- Wie doen die begeleiding?

- Hoe doen hy die begeleiding?

- Watter tipe tegnieke gebruik hy?

continued on next page

• Watter tegnieke word in klassieke musiek gebruik (noem twee)
• Hoekom sou jy hierdie tipe begeleiding as “tegnologie” beskou?

Table 2.1

• Watter boodskap dra die lirieke oor?
• Sou jy dit as positief beskou?
• Is daar enige patroon ten opsigte van rym?
• Watter musikale element sou jy as die belangrikste beskou (harmonie, melodie, ritme, ens)?
• Wat is die vormstruktuur in hierdie lied?
• Noem twee vormstrukture wat kenmerkend van klassieke musiek is.
continued on next page

• Wat word die Suid-Afrikaanse eweknie genoem?

Table 2.2

- Doen navorsing oor Hip-Hop, Rap en Kwaito m.b.v. die internet, tydskrifte, video's, resensies in koerante, ens. en voltooi dan die vrae waaroor jy onseker was.

- Lees die volgende gedeeltes uit verskillende "Rap"-liedere. Sê dit ritmies:



Figure 2.3

1. Kies 'n **onderwerp** waarvan jy genoeg weet (of lees na oor die onderwerp). Jou benadering moet positief wees en jy kan positiewe kommentaar op maatskaplike probleme lewer – altyd 'n positiewe boodskap. Moontlike onderwerpe: VIGS-Rap (VIGS-positief, m.a.w. 'n positiewe benadering tot VIGS), Drank-en-"Drug"-vrye Rap, Respek vir ander, ens.
2. Vertel jou **storie in rym**. Die eerste lyn moet 'n sterk ritme hê en die tweede moet daarmee rym – dit moet dieselfde ritme hê.

Herhaal ritmepatrone. Party lyne kan lank wees, ander weer kort.
Rym dus in koeplette (twee-twee)
Refrein: Dit is 'n groep reëls wat dieselfde bly.
Sterk klanke om te gebruik: BR, DR, KR, PR, SL, ST, STR, TR

1. Nou is dit tyd vir HIP-HOP! (OF KWAITO)

Gebruik die kletsrym (rap) wat geskryf is en voeg die res by wat benodig word vir Hip-Hop!

Julle kan in groepe werk: een leerder kan briekdans, een (of meer) kan die DJ wees, een moet rymklets en die res van die groep kan 'n plakkaat met die titel in graffiti ontwerp.

Julle kan 'n "live " optrede voor die klas hou of dit op video opneem.

Maak gebruik van verbeelding asook alle moontlike tegnologie tot julle beskikking! (Liggaamsperkussie en klanke kan ook gebruik word.) Onthou daar is nie reëls nie!

VOORBEELDE: Slimskud – Azanian

Brasse van die Kaap

Will Smith

ONTHOU: Jy kan net Rap oor 'n onderwerp waarvan jy genoeg weet!

2.1.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 4
uitdrukking en kommunikasieDie leerder is in staat om te analiseer en 'n verskeidenheid vorme van kommunikasie en uitdrukking in Kuns en Kultuur te gebruik.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
MUSIEK
4.3 kan verduidelik hoe tegnologie deur die jare musiek beïnvloed het;

Table 2.3

2.2 Strooisage of poppekas[2]

2.2.1 KUNS EN KULTUUR

2.2.2 Graad 9

2.2.3 UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE

2.2.4 Module 6

2.2.5 STROOISAGE OF POPPEKAS

DRAMA

Aktiwiteit 1

Om 'n dramavoorstelling te gebruik om die impak van waardes en gedrag te evalueer: strooi-saga of poppekas

[LU 4.2]

STAP 1

[2] This content is available online at <http://cnx.org/content/m25305/1.1/>.

- In hierdie leereenheid gaan julle 'n liedjie skryf, of 'n storie in animasievorm vertel of 'n poppekas-aanbieding hê. Julle opvoeder sal vir julle die inligting gee waaroor dit moet handel en julle kan self besluit wat julle gaan doen. Julle ken nou al die reëls van hierdie kunsvorm en kan gemakliker daarmee omgaan. Kies dadelik julle groepe en begin werk aan die teks.

STAP 2

- Julle weet nou dat ons na waardes en gedrag van mense gaan kyk in sekere algemene gevalle, soos die sepies of enige ander teatervorm. Julle gaan 'n dramatiese aanbieding van hierdie onderwerp maak in die vorm van julle keuse. Daar is die voorbeeld van die ma of pa wat rugby/krieket of na enige ander sportsoort kyk, terwyl jy na jou program wil kyk. Of die ma wat voor die televisie sit en nie haar sepie mis nie, al is julle hoe honger of al wil julle hoe graag na iets anders kyk.

STAP 3

- Die leerders wat die poppekas-metode kies, moet onmiddellik begin om die poppekas-teater te bou. Gebruik 'n kartondoos waarin mense yskaste of stowe verpak – gaan vra by julle naaste meubelwinkel of hulle een het. Die dogters in die groep kan die gordyn vir die verhogie maak. Dié van julle wat 'n liedjie wil skryf, sal dadelik bymekaar moet kom om die woorde en musiek van die liedjie te kombineer. Die wat 'n animasie wil doen, moet ook begin werk aan die manier waarop hierdie karakters praat. Stemwerk is van groot belang in hierdie geval.

STAP 4

- Julle is reeds besig met repetisies, kostuums en poppe word gemaak, die poppekas is voltooi, of amper voltooi, en geverf. Onthou deurgaans dat ons ook kleur gebruik om ons karakters se emosies mee aan te dui! Klee dus julle poppe in die kleur van die bui waarin hulle is! Die sangers moet ook sorg dat die woorde so geskryf word, dat almal dadelik die bui van die karakters sal kan agterkom. Ook in die animasie geld dieselfde reël.

STAP 5

- Teen hierdie tyd behoort alles feitlik klaar en reg te wees. Onthou hierdie proses vind oor 'n hele paar lesure plaas, wat julle genoeg tyd gee om dit met aandag en deeglike beplanning voor te berei. Wees asseblief altyd betyds vir repetisies en moenie die medespelers in die steek laat nie. As jy 'n rekwisiet moet gaan soek, maak werk daarvan. Probeer om so ver as moontlik as GROEP saam te werk, en indien julle 'n regisseur aangestel het, luister na hom /haar!

STAP 6

- Nou het die tyd aangebreek vir die groot opvoering! Daar sal beslis baie interessante aanbiedings wees. Onthou dat hierdie aanbiedings ook KOMIES kan wees, dit hoef nie noodwendig ERNSTIG te wees nie. Julle moet self besluit hoe julle die situasies gaan opsom en aanpak.

ASSESSERING

Die leerder is in staat om:	1	2	3	4	5	6	7
• op eie inisiatief ondersoek in te stel na lewenswyses van mense en dit op 'n kreatiewe manier te verbeeld;							

continued on next page

• op 'n gemaklike wyse met medeleerders kommunikeer en uitdrukking aan sy/haar gevoelens gee d.m.v. openbare optrede voor 'n gehoor (die klas); en							

continued on next page

• met ander saamwerk in die voorbereiding van 'n projek.							

Table 2.4

2.2.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 4
uitdrukking en kommunikasieDie leerder is in staat om te analiseer en 'n verskeidenheid vorme van kommunikasie en uitdrukking in Kuns en Kultuur te gebruik.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
MUSIEK
4.3 kan verduidelik hoe tegnologie deur die jare musiek beïnvloed het;
DRAMA
4.2 'n drama-aanbieding gebruik om kritiek te lewer op die impak van sepies, radio-aanbiedings of ander beskikbare vorms van uitvoerende media op mense se waardes en gedrag;
continued on next page

DANS
4.1 kan verduidelik hoe dans gevorm word deur die waardes van die tye te reflekteer, asook die invloed van musiek, plek, mode en tegnologie; en
VISUELE KUNS
4.4 kan verduidelik hoe kuns kulture, leefstyle, gelowe en modes, reflekteer en beïnvloed;
4.5 vaardighede in media- produksie kan aanwend, terwyl die teikengroep, doel en ontwerpelemente in ag geneem word (bv. die skep van 'n advertensie, klasnuusbrief, plakkaat, T-hemp, logo of klingel);
OORKOEPELEND
4.6 individuele kunsvorme kan kombineer om 'n nuwe vorm van artistieke uitdrukking te skep.

Table 2.5

2.3 Hoe dans die veranderende waardes van die tyd weerspieel[3]

2.3.1 KUNS EN KULTUUR

2.3.2 Graad 9

2.3.3 UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE

2.3.4 Module 7

2.3.5 HOE DANS DIE VEROUDERENDE WAARDES VAN DIE TYD WEERSPIEËL

DANS

- INLEIDING

Dans is opwindend. Dit openbaar aspekte van die lewe en menslike emosie. Soos met enige ander kunsvorm, moet die ware doel van dans altyd die uitdrukking van menslike gevoel wees. Dans is 'n ekspressiewe aksie – spesiaal, ritmies en geaksentueerd. 'n Dans moet doel en mag weerspieël.

In hierdie module word gekyk na die invloed van dans en hoe dans die veranderende waardes van die tyd weerspieël a.g.v. die invloed van musiek, plek, modes en tegnologie.

Aktiwiteit 1
Om korrek vir dansoefeninge op te warm
[LU 4.1]

- Voordat jy kan begin om jou dansroetine te skep, moet jou liggaam deeglik opgewarm word om beserings te voorkom en jou voor te berei op die aktiwiteite wat gaan volg.
- Die opwarming kan op die maat van musiek gedoen word. Kies musiek waarmee jy gemaklik voel en wat nie te vinnig is nie.

[3]This content is available online at <http://cnx.org/content/m25309/1.1/>.

Staan met jou voete heupwydte van mekaar af, arms langs jou sye.

Asem in deur jou neus, lig jou arms bo jou kop.

Asem uit deur jou mond, laat sak jou arms en buig jou knieë terselfdertyd.

Herhaal vier keer.

Beweeg van kant tot kant op een plek.

Lig albei arms op en uit na die kante op maat van die musiek terwyl jy nog steeds van kant tot kant op een plek beweeg (herhaal agt keer).

Hou beweging – laat sak jou arms – draai skouers om die beurt (herhaal agt keer).

Hou beweging – draai skouers in die ander rigting (herhaal agt keer).

Buig en maak knieë reguit – stoot boude uit – knieë en voete wys vorentoe (herhaal agt keer).

Buig knieë – knieë en voete wys vorentoe – boude uit – sit hande op knieë – trek rug op (soos 'n kat) en ontspan (herhaal agt keer).

Bly in vorige posisie – lig tone om die beurt – hou hakke op die vloer (herhaal agt keer).

Lig hakke om die beurt (herhaal agt keer).

Maak bene wyer oop – sit jou hande op jou heupe – voete en knieë wys na buite – strek ("lunge") van kant tot kant – hou voete stewig op die vloer (herhaal agt keer).

Strek ("lunge") na regs en hou strekposisie vir vier tellings.

Strek ("lunge") na links en hou strekposisie vir vier tellings.

Kom terug in pliè posisie (knieë gebuig, knieë en voete wys na buite) – hande op heupe – buig en maak knieë reguit (herhaal agt keer).

Hou bene oop en knieë gebuig en lig jou voete om die beurt terwyl jy op een plek bly (herhaal agt keer).

Bring voete na mekaar toe en loop op die plek (agt tellings).

Loop op een plek met voete bymekaar en dan oop vir agt tellings.

Loop op een plek – lig arms op en af (herhaal agt keer).

Loop op een plek – herhaal asemhalingsoefening.

- Die opwarmingsoefeninge moet nie korter as drie minute of langer as vyf minute duur nie.
- Jy moet normaal gedurende hierdie oefening asemhaal.

Aktiwiteit 2

Om die HIP-HOP te kan beskryf en uitvoer

Hip-Hop is fisies, abstrak, ongedefinieer, sielvol en volg die tromslag. Geneem van die Rap-beweging, is die armsbewegings of los of gestileerd – afhangende van die stemming van die musiek – maar altyd oordryf en vergroot. Tegnies is daar geen nuwe passies nie, slegs verskillende interpretasies van passies, uitgevoer met uitbundige hoeveelhede energie. Die verhouding tussen die dans en die musiek is van kardinale belang en skep 'n drama van die menslike liggaam, omdat alle bewegings belangrik is en 'n plek het in die dans.

Die Musiek

- Kies jou eie Hip-Hopmusiek.
- Kies musiek uit die ander leerders se musiekversamelings vir die dans.
- Maak seker die tempo is tussen 113 mate per minuut en 140 mate per minuut.
- Verwyder enige musiek met obsene en onwelvoeglike lirieke.

Die Bewegings en Passies

- Loop op die maat van die musiek.
- Loop op die maat van die musiek – lig jou knieë op.
- Eksperimenteer met armbewegings.

- Ontwikkel groter sensitiwiteit t.o.v. die ritme en ritmiese veranderings.
- Demonstreer helderheid van vorm, rigting, vlakke en grootte met die uitvoering van die aksies.
- Spring op die ritme van die musiek.

- Vergroot die danswoordeskat van die spronge – isoleer arms, lig bene, buig die liggaam terwyl gespring word.

- Beweeg van een plek na ‘n ander terwyl spronge uitgevoer word.
- Verander van rigting.
- Beweeg met jou bene oop.
- Eksperimenteer met oop en toe bene terwyl gespring word.
- Eksperimenteer met draaie – draai op een plek met voete bymekaar, verander van rigting, beweeg van een plek na ‘n ander, draai met bene gekruis, draai met een been opgelig.

- Eksperimenteer met die lig van die been en skop dan bene op, na die kante, na agtertoe en vorentoe.
- Eksperimenteer met die verskillende vlakke (hoog, middel, laag).
- Begin grondwerk voorstel.

- Eksperimenteer met handstande, wawiele en rolle.

Die Choreografie

- Met die kennis wat jy verwerf het tydens die vorige oefening, sal jy in staat wees om bewegings in ‘n sekwens te kombineer en jou eie dans te kan choreografeer.
- Vorm groepe van vier.
- Elke groep moet nou die bewegingselemente gebruik om die choreografie interessanter te maak en sekwense van 8 tot 16 tellings saamvoeg.
- Elke groep moet ‘n “oefen-opvoering” aan die res van die klas bied.
- Laat die res van die klas hierdie oefen-opvoerings hersien.
- Kies sekwense uit die groepe vir die Hip-Hopdans.

Die Dans

- Choreografeer die Hip-Hopdans uit die gekose sekwense.
- Maak seker die bewegings is volgens die gepaste styl.
- Oefen en voer die dans vir ‘n spesifieke omgewing op.
- Demonstreer vaardighede en houdings gepas vir die dansondervinding.
- Toon sensitiwiteit vir die klankvolume van die musiek.
- Sluit effektiewe strukture in (duidelike begin, egalige oorgange, sterk, duidelike einde).
- Wees bewus van die gebruik van elemente van beweging (verskeidenheid in vlakke, ritme, liggaamsdele, verandering in fokus, bewegingskrag (interessante vloerpatrone).
- Demonstreer oorspronklikheid en kreatiwiteit.

Die Opvoering

- Onthou die choreografie.
- Demonstreer duidelike bewegingskrag.
- Gehoorsaam die ritme – tydsberekening is alles!
- Demonstreer houding – dit is “show business”!

ASSESSERING

Choreografie-assessering

Die leerder is in staat om:	1	2	3	4	5	6	7
• 'n duidelike begin, egalige oorgange tussen bewegings en 'n sterk, duidelike einde te kan struktureer;							
continued on next page							

• ‘n bewuste gebruik van elemente van beweging te kan implementeer, wat insluit: verskeidenheid van vlakke, interessante vloerpatrone, verskeidenheid van ritme, verandering in fokus van die groep, verskeidenheid van liggaamsdele gebruik							

• begrip van die styl en musiek in verhouding tot die bewegings te demonstreer, asook ‘n sensitiwiteit vir die musiek toon;							

continued on next page

• innoverende, ongewone inhoud en uitvoering te demonstreer;							

Table 2.6

Opvoeringsassessering

Die leerder is in staat om:	1	2	3	4	5	6	7
• die dans op te voer met be-grip van uit-drukking en vorm, ge-bruik van begelei-d-ing, aan-bied-ingse-le-mente, ens.;							
• danswoordeskat en vaardigheid om stilistiese gedefinieerde dansteg-nieke op te voer, uit te brei;							

continued on next page

• begrip van styl d.m.v. die akkurate gebruik van die liggaam, ritme, beweging-skrag, gewig, ens. te demonstreer;							

continued on next page

• begrip van uitdrukking en vorm in dans te demonstreer;							
• die choreografie van die dans na herhaling en repetisie te kan onthou;							

continued on next page

• duidelike beweg-ingskrag en akku-rate ritme gedurende die opvo-er-ing te wys; en							
• duidelike uitvo-er-ing van vaardighede ten toon te stel en ver-hoog-per-soon-likheid te demon-streer.							

Table 2.7

Aktiwiteit 3
Om korrek te kan AFKOEL EN STREK na dansoefeninge

- Dit is belangrik om die spiere wat gebruik is gedurende die oefeninge te strek, anders sal jy "stywe" spiere vir die volgende drie dae ervaar.
- Kies musiek met 'n stadige tempo.

Lê op jou rug op die vloer – arms bo jou kop uitgestrek – bene reguit.

Strek jou liggaam deur met jou hande te reik en jou tone te punt (hou strekposisie vir agt tellings en ontspan).

Bring arms af na sye.

Buig jou knieë, maar hou jou voete op die vloer.

Bring een been na jou bolyf – trek die been met albei hande na jou bolyf toe – jou knie is nog steeds gebuig (hou vir agt tellings).

Maak die been reguit en trek die reguit been na jou kop toe (moenie die strekoefening forseer nie). (hou vir agt tellings)

Ruil bene om.

Bring albei bene gebuig na jou bolyf en trek jou bene in met albei hande – lig jou kop en skouers effens. (hou vir agt tellings)

Laat sak jou bene na links – hou jou bolyf en skouers op die vloer – arms uitgestrek na die kante.

Ruil om na regterkant.

Bring bene weer na middel – sit regop – knieë gebuig – hande op knieë – maak jou rug reguit – trek jou bolyf tussen jou bene deur met jou hande op jou knieë.

Kom stadig orent deur jou boude van die vloer af te lig

Krul stadig op – hou bene gebuig – kop kom laaste op.

Skud alle beweeglike liggaamsdele.

- Alle strekoefeninge moet vir agt tellings gedoen word.
- Die afkoel en strekoefeninge moet nie korter as drie minute of langer as vyf minute duur nie.
- Alle strekoefeninge moet stadig uitgevoer word om beserings te vermy.

2.3.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 4
uitdrukking en kommunikasieDie leerder is in staat om te analiseer en ‘n verskeidenheid vorme van kommunikasie en uitdrukking in Kuns en Kultuur te gebruik.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
MUSIEK
4.3 kan verduidelik hoe tegnologie deur die jare musiek beïnvloed het;
DRAMA
continued on next page

4.2 'n drama-aanbieding gebruik om kritiek te lewer op die impak van sepies, radio-aanbiedings of ander beskikbare vorms van uitvoerende media op mense se waardes en gedrag;
DANS
4.1 kan verduidelik hoe dans gevorm word deur die waardes van die tye te reflekteer, asook die invloed van musiek, plek, mode en tegnologie; en
VISUELE KUNS
4.4 kan verduidelik hoe kuns kulture, leefstyle, gelowe en modes, reflekteer en beïnvloed;
4.5 vaardighede in media- produksie kan aanwend, terwyl die teikengroep, doel en ontwerpelemente in ag geneem word (bv. die skep van 'n advertensie, klasnuusbrief, plakkaat, T-hemp, logo of klingel);
OORKOEPELEND
4.6 individuele kunsvorme kan kombineer om 'n nuwe vorm van artistieke uitdrukking te skep.

Table 2.8

2.4 Subkulture met betrekking tot kuns en kultuur[4]

2.4.1 KUNS EN KULTUUR

2.4.2 Graad 9

2.4.3 UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE

2.4.4 Module 8

2.4.5 SUBKULTURE MET BETREKKING TOT KUNS EN KULTUUR

VISUELE KUNS

Aktiwiteit 1 (individueel/groepwerk)

Om SUBKULTURE in terme van kuns en kultuur te kan identifiseer en die invloed daarvan op modes te kan bespreek

[LU 4.4]

- LEESOPDRAG:

'n **Subkultuur** is 'n onderafdeling van 'n spesifieke kultuur. In tradisioneel Westerse kulture is daar byvoorbeeld talle subkulture – dit het dikwels te doen met 'n spesifieke tipe kleredrag, manier van praat, musiekvoorkeure en 'n sekere tipe tydverdryf.

Subkulture word nie beperk tot sekere godsdienstige oorwegings of godsdienste nie. So is daar byvoorbeeld 'ravers', 'skaters', 'surfers', 'punkers', 'grungers', 'metalheads', 'hackers', ensovoorts.

Die tienerkultuur van vandag sluit beslis 'n hele verskeidenheid van subkulture in. Een van die gewildste en mees invloedrykste subkulture onder die tieners is die Hip-Hopkultuur.

Gedurende die laat sewentigerjare het 'n nuwe definitiewe klank in die strate van New York begin opklink. Dit was die klank van hip-hop en nou, meer as twintig jaar later, het dit 'n wêreldwye kultuurkrag geword.

[4]This content is available online at <http://cnx.org/content/m25310/1.1/>.

Hip-Hopmusiek bestaan, eenvoudig gestel, uit 'n platejoggie (DJ) wat ritmiese gedeeltes van verskeie albums op 'n draaitafel meng terwyl 'n 'rapper' oor die polsslag sy/haar kletsryme 'rap'.

Maar Hip-Hop is 'n kultuur in eie reg, met sy eie taal, liriese styl, visuele kuns (graffiti), dansbewegings en klerestyl.

Net soos by baie ander subkulture is Hip-Hop ook nie beperk tot sekere kultuurgroepe of geografiese gedeeltes nie en floreer beide in stedelike en landelike omgewings.

Hip-Hopmodes behels baie verskillende kleure, style en kreatiwiteit. In die Hip-Hopwêreld word dit 'geur' (smaak) genoem. Om dus geur te hê, moet jy volgens die nuutste mode geklee wees. Deurlopende kleredrag sluit in groot, los broeke, oorgroot atletiektruie en baie duur tekkies, gewoonlik Nikes. Ander groot handelsname wat aan Hip-Hop gekoppel word, is Versace, Tommy Hilfiger, Guess en Polo van Ralph Lauren. So het Snoop Doggy Dogg in 1994 byvoorbeeld in Saturday Night Live opgetree, geklee in Tommy Hilfiger klere van kop tot tone. Tommy Hilfiger se verkope het daardie jaar met $90 miljoen toegeneem! Ander rap-kunstenaars soos Q-Tip of A Tribe Called Quest het dit in lirieke uitgebasuin: "And others couldn't figga, How me and Hilfigga, Used to move through with vigga."

Figure 2.4

Teen 1993 was die rave-kultuur, wat in Manchester Engeland ontstaan het, 'n nasionale fenomeen in die Verenigde State. Die musiek vir rave bestaan, amper soos by Hip-Hop, uit bestaande opnames wat dan deur 'n DJ gemeng word. Mike Szabo, deel van die New York ravers, het die musiek so opgesom: "The music at raves is live. Although the source for the music is prerecorded, a disk jockey working at a mixing table is performing new music for a live audience." Hierdie vermengingstegniek het 'n groot invloed op die kuns, veral grafiese ontwerp, gehad.

Ontwerpers het toenemend bestaande beelde of prentjies en lettertipes begin manipuleer. Tipiese rave-ontwerpers het materiaal van advertensies, televisie, kommersiële verpakking, strokiesprente en andere geneem en binne ‘n paar uur drukkers verskaf met ‘n ‘nuwe’ ontwerp. Ontwerpers van strooibiljette (‘flyers’) het dikwels die spot gedryf met bekende handelsname om sodoende dit wat bekend aan die publiek is, te gebruik vir die promosie van ondergrondse, kwasi-‘geheime’ rave-gebeurtenisse. Hierdie proses is ontleen aan Popkuns (Populêre Kuns: ‘n beweging van die sestiger- en sewentigerjare) – in die rave-kultuur herontdek deur ‘n jonger generasie, gefassineer deur die moontlikhede wat kommersiële ikone bied om die houding van ‘n subkultuur oor te dra.

Die belangrikste sosiale funksie van grafiese ontwerp is om identiteit deur middel van visuele vorms te gee. Ontwerp skep dus ‘n ‘persoonlikheid’ vir inrigtings soos skole en besighede, asook produkte en sekere groepe mense met gemeenskaplike belange. Oor die jare heen is daar ‘n geletterdheid vir die oog geskep, ‘n kommersiële alfabet van simbole en style bekend aan verbruikers. Aktiviste-groepe gebruik ontwerp vir die aanspreek van sekere kwessies, soos byvoorbeeld feminisme en VIGS, terwyl ontwerpers binne die subkulture van Rave, Hip-Hop en ‘Skateboarding’ ‘n verandering in visuele geletterdheid gebring het deur die vermenging van style en simbole vanuit die massa-media en die stedelike ondergrond.

Beantwoord die volgende vrae nadat jy die bostaande leesopdrag voltooi het.

1. Tot watter subkultuur behoort jy? Gee redes vir jou antwoord.

1. Na watter musiek luister die subkultuur waaraan jy behoort? Noem voorbeelde.

1. Dra die subkultuur waaraan jy behoort enige spesifieke klere, juweliersware of haarstyle? Noem ‘n paar voorbeelde.

1. Watter handelsmerke (‘brandnames’) word met jou subkultuur geassosieer? Noem hulle.

Ruil nou in julle groepe inligting uit om die tabel hieronder te kan voltooi. Indien julle almal aan dieselfde subkultuur behoort, moet julle navors oor ander subkulture, sodat daar ‘n verskeidenheid op die tabel verskyn.

Subkultuur	Musiek	Dans(e)	Visuele Kuns	Kleredrag

Table 2.9

Skryf nou by die huis ‘n opstel van tussen 200 en 250 woorde (prentjies en/of illustrasies is nie verpligtend nie, maar word aanbeveel) oor die volgende onderwerp:

HOE KUNS KULTURE, LEEFSTYLE EN MODES REFLEKTEER EN BEÏNVLOED

ASSESSERING

Die leerder is in staat om:	1	2	3	4	5	6	7
• subkulture te identifiseer;							
• respek te toon vir ander leerders se voorkeure; en							
• te redeneer hoe kultuure, leefstyle en modes die kuns reflekteer en beïnvloed.							

Table 2.10

Aktiwiteit 2 (individueel)

Om ‘n T-hemp te ontwerp
[LU 4.2]
STAP 1

Teken eers ‘n ontwerp op papier. Hierdie eerste ontwerp moet julle subkultuur verteenwoordig. Bekende simbole of handelsmerke mag gebruik word, maar moet vermeng of vernuwe word om sodoende ‘n oorspronklike ontwerp te skep. Die ontwerp sal vir die voorkant en/of agterkant van die T-hemp gebruik word. ‘n Tweede ontwerp, geskoei op die eerste een, moet ‘n patroon vorm – ‘n vereenvoudigde herhaling van die eerste ontwerp. Die tweede ontwerp sal vir die nek, onderkant en/of moue van die T-hemp gebruik word.

Voorbeeld:



Figure 2.5

STAP 2

Na die voorlopige sketse vir die twee ontwerpe gemaak is, moet dit met kleurpotlode of gekleurde ink op ‘n voorafgetekende T-hemp formaat verplaas word.

Voorbeeld:

Figure 2.6

STAP 3 (opsioneel)

Julle kan, indien die geriewe by die skool beskikbaar is, ou T-hempies van die huis af bring en julle ontwerpe dan daarop verf met materiaalverf.

ASSESSERING

Die leerder is in staat om:	1	2	3	4	5	6	7
• ontwerpvaardighede aan te wend;							

continued on next page

• simbole en/of tekens van 'n eie sub-kultuur te identifiseer en uit te beeld;							
• oorspronklik te wees;							
• patroon te skep en aan te wend; en							

continued on next page

• aan te pas by die medium (in hi-erdie geval die T-hemp).							

Table 2.11

Oorkoepelende Aktiwiteit

- As 'n samevatting van al vier die leereenhede kan julle nou werk aan 'n aanbieding of opvoering waarin julle byvoorbeeld die 'rap' van Leereenheid 1 kombineer met die bewegings van Leereenheid 3, die karakters van Leereenheid 2 en die T-hemp of ander kleredrag van Leereenheid 4.

ASSESSERING

Die leerder is in staat om:	1	2	3	4	5	6	7
• ritmiese rym met be-weg-ing en musiek te skep;							

continued on next page

• met die res van die groep te kommunikeer in sy/haar uitvoering van die musiek;							
• gedissiplineerd in 'n groep te werk;							
• respek en begrip te toon vir ander leerders; en							

continued on next page

• individuele kunsvorme te kombineer om ‘n nuwe vorm van artistieke uitdrukking te skep.							

Table 2.12

	LU 4.6			

Table 2.13

2.4.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 4
uitdrukking en kommunikasieDie leerder is in staat om te analiseer en ‘n verskeidenheid vorme van kommunikasie en uitdrukking in Kuns en Kultuur te gebruik.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
continued on next page

MUSIEK
4.3 kan verduidelik hoe tegnologie deur die jare musiek beïnvloed het;
DRAMA
4.2 'n drama-aanbieding gebruik om kritiek te lewer op die impak van sepies, radio-aanbiedings of ander beskikbare vorms van uitvoerende media op mense se waardes en gedrag;
DANS
4.1 kan verduidelik hoe dans gevorm word deur die waardes van die tye te reflekteer, asook die invloed van musiek, plek, mode en tegnologie; en
VISUELE KUNS
4.4 kan verduidelik hoe kuns kulture, leefstyle, gelowe en modes, reflekteer en beïnvloed;
4.5 vaardighede in media- produksie kan aanwend, terwyl die teikengroep, doel en ontwerpelemente in ag geneem word (bv. die skep van 'n advertensie, klasnuusbrief, plakkaat, T-hemp, logo of klingel);
OORKOEPELEND
4.6 individuele kunsvorme kan kombineer om 'n nuwe vorm van artistieke uitdrukking te skep.

Table 2.14

Chapter 3

Kwartaal 3

3.1 Sosiale danse deur die tye[1]

3.1.1 KUNS EN KULTUUR

3.1.2 Graad 9

3.1.3 KRITIESE EN KREATIEWE REFLEKSIE

3.1.4 Module 9

3.1.5 SOSIALE DANSE DEUR DIE TYE

Aktiwiteit 1:

Om nabetragting te hou oor:SOSIALE DANSE DEUR DIE TYE

[LU 2.7, 2.4]

In hierdie module gaan ons kyk hoe sosiale danse hulle tydsgees weerspieël. Jou opvoeder sal jou lei deur die 50's, 60's en 70's en die dansstyle, musiek en modes vergelyk, asook hoe dit deur die dekades verander het.

Oefening 1: Die 50's, 60's en 70's

Die klas sal in groepe opgedeel word.

Jou groep sal 'n bepaalde dekade navors.

Vors jou era na en doen 'n aanbieding van die taak aan die klas.

Jou aanbieding moet 'n demonstrasie van die dansstyl insluit, soos:

- prente
- mondelinge aanbieding
- video
- musiek
- modes, ens.

Elke mondelinge aanbieding moet tussen vyf en tien minute duur.

Oefening 2: Klasbespreking

Neem na afloop van die aanbiedings deel aan 'n klasbespreking oor die verskille en ooreenkomste van hierdie eras.

Bespreek die invloed van die geskiedenis en wêreldgebeure op die styl van sosiale danse in die 50's, 60's en 70's.

Bespreek die invloed van die musiek op die verskillende dansstyle.

[1] This content is available online at <http://cnx.org/content/m25311/1.1/>.

Bespreek die verskillende dansfaktore wat ons kultuur beïnvloed.
Dink na oor hedendaagse style van sosiale dans. Kan julle die toekomstige ontwikkeling van dans voorspel?
Nabetragtingsvrae
Dink oor jou navorsingsproses en -aanbieding en beantwoord die volgende vrae:
1. Watter hulpbronne het vir jou die meeste met jou navorsing beteken?
2. Hoe goed het jy en jou groep aan hierdie projek saamgewerk?
3. Was die inligting wat jy gekry het akkuraat en informatief? Waarom? Waarom nie?
4. Het hierdie benadering jou gehelp om 'n beter begrip van die evolusie van sosiale dans te bekom? Waarom? Waarom nie?
ASSESSERING

Die leerder is in staat om:	1	2	3	4
materiaal en inligting goed te organiseer en al die lede van die groep by die aanbieding te betrek:	was onsuksesvol in sy/haar poging om die taak in groepsverband aan te bied	het 'n beperkte poging aangewend om die taak in groepsverband aan te bied	het 'n bevredigende taak aangebied en kon al die lede by die aanbieding betrek	het 'n suksesvolle, insiggewende taak aangebied
die aanbieding met vertroue en goeie stemprojeksie tussen 5 – 10 minute te kan aanbied:	kon nie die aanbieding met vertroue aanbied nie en kon nie binne die tydraamwerk werk nie	het 'n aanbieding met min vertroue gedoen en die tydraamwerk verontagsaam	het 'n bevredigende aanbieding gedoen en binne die tydsbestek gebly	het die aanbieding met selfvertroue en goeie stemprojeksie gedoen en het binne die tydsbestrek gebly
aktief aan die groepbespreking deel te neem:	het nie aktief aan die groepbesprekings deelgeneem nie	het 'n beperkte poging tot deelname aan die groep-besprekings aangewend	het aan die groepbesprekings deelgeneem	het met insig en begrip aktief aan die groep-besprekings deelgeneem

Table 3.1

3.1.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 2
REFLEKSIEDie leerder kan krities en skeppend op kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in vergange, asook huidige kontekste reflekteer.
continued on next page

Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
GESAMENTLIK
2.3 kan analiseer hoe kulture mekaar affekteer en hoe hulle verandering ondergaan;
2.4 die rol wat tegnologie in die vorming van prosesse en produkte in drama, dans, musiek en kuns oor die tyd heen gespeel het, kan analiseer;
2.5 die begrippe mag, kontrole en dominering in massamedia- en volkskultuurverband kan bespreek en vertolk;
DANS
2.7 besin en vergelykings tref oor hoe sosiale danse hulle tyd weerspieël;
DRAMA
2.8 die positiewe en negatiewe effekte van televisie, radio, dokumentêre programme of rolprente op ons lewens kan analiseer;
2.9 ‘n resensie oor ‘n plaaslike of ander dramaproduksie kan skryf, met verwysings na konvensies van die opvoer en elemente van drama;
MUSIEK
2.10 die wyse waarop musiek in liedjies, rituele, publieke gebeure, rolprente, opera of advertensies gebruik word om reaksies te ontlont, kan analiseer;
VISUELE KUNSTE
2.11 die invloede en omstandighede wat die ontwikkeling van ‘n Suid-Afrikaanse, Afrika- of internasionale kunstenaar uit die verlede of hede bepaal, kan ondersoek en verduidelik.

Table 3.2

3.2 Invloede en omstandighede wat ’n kunstenaar se ontwikkeling vorm[2]

3.2.1 KUNS EN KULTUUR

3.2.2 Graad 9

3.2.3 KRITIESE EN KREATIEWE REFLEKSIE

3.2.4 Module 10

3.2.5 INVLOEDE EN OMSTANDIGHEDE WAT ‘N KUNSTENAAR SE ONTWIKKELING VORM

VISUELE KUNSTE

[2]This content is available online at <http://cnx.org/content/m25312/1.1/>.

Aktiwiteit 1:

Om na te vors hoe invloede en omstandighede ‘n kunstenaar se ontwikkeling vorm

[LU 2.7, 2.11]

In hierdie leereenheid (Visuele Kuns) gaan jy die invloede op, en omstandighede, persoonlik en geskiedkundig, rakende ‘n spesifieke kunstenaar se werk, ondersoek.

Stap 1

Voordat jy jou eie navorsing gaan doen, sal jou onderwyser eers die internasionale kunstenaar, David Hockney, met julle behandel. Julle gaan na die volgende aspekte kyk (skryf die antwoorde in jou joernaal):

- AGTERGROND VAN DIE KUNSTENAAR

Wanneer en waar is die kunstenaar gebore?

Wat was die kunstenaar se belangstellings en/of stokperdjies as kind?

Het die kunstenaar formele opleiding in kuns ontvang? Indien wel, waar?

- INVLOEDE OP DIE KUNSTENAARVYFTIGERJARE

Watter kunsstyle en/of kunstenaars het aan die begin ‘n invloed op die kunstenaar gehad?

Wat was die neiging in kuns gedurende daardie jare?

Hoe het die kunstenaar se werk aan die begin gelyk?

Het daar enige geskiedkundige kunsgebeure plaasgevind? Verduidelik.

SESTIGERJARE

Was daar enige persoonlike gebeure of ervarings gedurende hierdie tydperk wat ‘n invloed op die kunstenaar gehad het? Indien wel, verduidelik.

Kan enige persoonlike kenmerke reeds in die kunstenaar se werk herken word? Indien wel, noem hulle.

Beskryf die kunstenaar se styl op hierdie tydstip.

Noem een of meer voorbeelde van ander kunsvorme, soos musiek, wat die kunstenaar beïnvloed het.

Met watter media het die kunstenaar gedurende hierdie jare gewerk?

SEWENTIGERJARE

Het modes en tegnologiese vooruitgang die kunstenaar beïnvloed? Verduidelik, indien wel.

Met watter temas het die kunstenaar gedurende hierdie tydperk gewerk?

Het die kunstenaar dieselfde media as vroeër gebruik? Indien nie, verduidelik.

Noem enige geskiedkundige gebeure wat die kunstenaar se werk beïnvloed het.

Hoe het die kunstenaar se belangstellings as kind later ‘n invloed op sy werk gehad?

- VOORBEELDE VAN DIE KUNSTENAAR SE WERK

Bestudeer ‘n paar van die kunstenaar se werke en verduidelik hoe omstandighede en invloede deur die jare in daardie werke gesien kan word.

Onthou om te kyk in watter jaar die spesifieke kunswerk geskep is en vergelyk dit dan met die gebeure in die kunstenaar se lewe in daardie tyd.

Stap 2

Jy gaan nou ‘n kunstenaar van jou keuse navors. Die onderwyser sal vir jou name van kunstenaars gee waaruit jy kan kies. Gebruik dieselfde formaat as hierbo om vir jou rigting te gee. Doen die taak in jou leerderjoernaal en onthou om ‘n bibliografie van al die bronne wat jy vir inligting gebruik het, aan die einde saam te stel.

Nabetragtingsvrae

Dink oor jou navorsingsproses en beantwoord die volgende vrae:

1. Watter hulpbronne het vir jou die meeste met jou navorsing beteken?

2. Was die inligting wat jy gekry het akkuraat en insiggewend? Waarom? Waarom nie?

3. Het hierdie benadering jou gehelp om die invloede op kunstenaars se werk beter te verstaan? Waarom? Waarom nie?

Aktiwiteit 2:

Om navorsing in verband met ‘n kunstenaar in die praktyk toe te pas
[LU 2.5]
Stap 1

Jy gaan deur middel van hierdie aktiwiteit jou navorsing oor ‘n spesifieke kunstenaar toepas deur ‘n modelteater in die styl van daardie kunstenaar te skep. Maar eers moet die konstruksie gemaak word (sien illustrasie):



Figure 3.1

Sny ‘n verhoogopening in die een stuk stewige karton.

Teken en sny drie reghoekige gate aan die sye en die voorkant van die graankoshouer (om lig deur te laat).

Gom dan die graankoshouer tussen die twee stukke stewige karton vas – die stuk karton met die verhoogopening moet aan die voorkant van die graankoshouer met die gat geplak word en die tweede stuk karton aan die toe agterkant van die graankoshouer.

Knip die bokant van die graankoshouer oop.

Die basiese struktuur van die modelteater is nou klaar en kan geverf of versier word.

Figure 3.2

Stap 2

Nou kan die binnekant van die modelteater gemaak word. Dit moet egter in die styl van die bestudeerde kunstenaar wees.

Teken en verf of gee kleur aan die agtergrond van die verhoog op 'n aparte vel A4- papier.

Plak die agtergrond vas op die binneste agterkant van die graankoshouer.

Teken en verf, of kleur verdere prentjies op kleiner stukkies A4-papier om as syvleuels op die verhoog te dien.

Buig 'n klein stukkie van die onderkante van die syvleuels om sodat hulle kan regop staan en gom dit binne die oop sye van die graankoshouer vas – ongeveer twee per sy.

Laastens kan karakters of figure geteken, geverf of ingekleur en uitgeknip word. Hierdie figure se onderkante moet omgebuig word sodat hulle regop kan staan. (Prentjies van figure kan ook uit tydskrifte geknip en dan op karton geplak word.)

Stap 3

Die klas se modelteaters sal in die skoolgebou uitgestal word!

3.2.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 2
REFLEKSIEDie leerder kan krities en skeppend op kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in vergange, asook huidige kontekste reflekteer.
continued on next page

Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
GESAMENTLIK
2.3 kan analiseer hoe kulture mekaar affekteer en hoe hulle verandering ondergaan;
2.4 die rol wat tegnologie in die vorming van prosesse en produkte in drama, dans, musiek en kuns oor die tyd heen gespeel het, kan analiseer;
2.5 die begrippe mag, kontrole en dominering in massamedia- en volkskultuurverband kan bespreek en vertolk;
DANS
2.7 besin en vergelykings tref oor hoe sosiale danse hulle tyd weerspieël;
DRAMA
2.8 die positiewe en negatiewe effekte van televisie, radio, dokumentêre programme of rolprente op ons lewens kan analiseer;
2.9 'n resensie oor 'n plaaslike of ander dramaproduksie kan skryf, met verwysings na konvensies van die opvoer en elemente van drama;
MUSIEK
2.10 die wyse waarop musiek in liedjies, rituele, publieke gebeure, rolprente, opera of advertensies gebruik word om reaksies te ontlont, kan analiseer;
VISUELE KUNSTE
2.11 die invloede en omstandighede wat die ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse, Afrika- of internasionale kunstenaar uit die verlede of hede bepaal, kan ondersoek en verduidelik.

Table 3.3

3.3 Hoe musiek gebruik word om reaksie te ontlok[3]

3.3.1 KUNS EN KULTUUR

3.3.2 Graad 9

3.3.3 KRITIESE EN KREATIEWE REFLEKSIE

3.3.4 Module 11

3.3.5 HOE MUSIEK GEBRUIK WORD OM REAKSIE TE ONTLOK

MUSIEK

Aktiwiteit 1:

Om te analiseer hoe musiek gebruik word om reaksie te ontlok

[3]This content is available online at <http://cnx.org/content/m25313/1.1/>.

[LU 2.3, 2.10]

Kan jy jouself ‘n fliek sonder klank voorstel? Bykans onmoontlik, aangesien dit juis die musiek is wat daartoe bydra dat jy soms ‘n traan wegpink of lus voel vir dans!

In hierdie module gaan ons ondersoek hoe die musiek in rolprente gebruik word om reaksie by die fliekganger uit te lok. Soos dit die skrywer van die draaiboek se taak is om ‘n geskikte verhaal te skep, moet die komponis die gepaste musiek skep.

As inleidende agtergrond gaan ons eers die ontwikkeling van die rolprent as sulks ondersoek om die funksie van musiek te bepaal. Jy kan gerus die navorsing wat reeds in Leereenheid 1 (Dans) gedoen is, in gedagte hou!

Navorsing oor die ontwikkeling van die rolprent

Die klas word verdeel in vyf groepe: elke groep doen navorsing oor EEN van die volgende eras t.o.v. tegnologie, genres, musiek en voorbeelde van rolprente.

Hierdie navorsing is bloot om ‘n breë oorsig te verkry en hoef dus nie in diepte gedoen te word nie. Die opvoeder sal julle lei. Julle sal ‘n klasbespreking hou oor die verskillende eras - plak dan die inligting in jou leerderjoernaal.

- DIE STIL-ERA (1900 – 1930)
- DIE GOUE ERA (1930 – 1960)
- DIE SESTIGERJARE (1960 – 1970)
- DIE SEWENTIGERJARE TOT HEDE (1970 –)
- DIE TEKENPRENT

Hoe musiek gebruik word om reaksie uit te lok

Soos jy uit die bespreking kan aflei, vorm musiek ‘n essensiële element van enige rolprent. Dit wat aanvanklik bloot ‘n begeleiding vir ‘n visuele produk tydens die era van die stilprent was (om die geraas van die spoele wat omgeruil word te demp!), is vandag ‘n wesenlike deel van die vermaak.

Dit verhoog die kyker se emosionele reaksie op die rolprent.

- Skep die atmosfeer (romanse of spanning)
- Versterk die intrige (hartseer musiek)
- Versterk die aksie (opruiende musiek)

Dit dien as advertensie en inkomste.

Stap 1

Om vas te stel of rolprentmusiek volgens jou klas wel belangrik is, moet jy indiwidueel die onderstaande vraelys voltooi deur die antwoord te omkring.

Na voltooiing kan julle die vraelys bespreek en sienings vergelyk.

Het jy enige CD’s met rolprentmusiek?	Nee	Ja	Gereeld
Wat het die deurslag gegee om die CD aan te skaf: die rolprent, die kunstenaar of beide?	Film	Kunstenaar	Beide

continued on next page

Luister jy graag na al die snitte op die CD of slegs na enkeles?	Almal	Enkeles	Net een
Ervaar jy enige emosie wanneer jy na die spesifieke snitte luister?	Ja	Nee	Soms
Hoe goed kan jy die tonele uit die rolprent onthou wat deur die musiek beklemtoon word?	Baie duidelik	Redelik goed	Vaagweg
Dink jy die rolprent het die kunstenaar hiermee bemark, of sou jy eerder sê dit is a.g.v. die kunstenaar dat die rolprent gewild is?	Film	Kunstenaar	Beide

Table 3.4

Stap 2

Maak nou 'n opname van die gewildste rolprentmusiek in jou klas.

Maak 'n lys van die rolprente van 1 tot 5 en meld ook die genre van elke rolprent (bv. drama, gruwel, romanse, wetenskapsfiksie, ens). Waarom is hierdie rolprente die gewildste? Bespreek.

	Rolprent	Genre
1.		
2.		
3.		
4.		
5.		

Table 3.5

Stap 3

* 'n Ramp	** Skaflik	*** Goed	**** Uitstekend	***** 'n Meesterstuk

Table 3.6

As musiekresensent vir FL**IEK**-MUS**IEK**-RUBR**IEK** moet jy die musiek van 'n rolprent op bostaande skaal klassifiseer en resenseer.

Hierdie aktiwiteit kan individueel of in groepe gedoen word.

Kies 'n rolprent van jou keuse **óf**

Kies 'n rolprent uit die era wat die opvoeder aan jou toesê.

Skryf 'n resensie oor die musiek van óf die hele rolprent óf 'n spesifieke toneel.

Analiseer hoe die musiek in die rolprent (of toneel) gebruik word om reaksie by die gehoor te ontlok.

Gebruik die gegewe musiekelemente en komposisietegnieke as riglyn – nie noodwendig almal nie.

Jou opvoeder sal jou lei.

Vir idees omtrent die uitleg van jou resensie kan jy tydskrifte, koerante en die Internet raadpleeg.

Plak die resensie in jou leerderjoernaal.

Musiekelemente

1. **Styl/genre(***zjaan'-re)*

Watter tipe musiek word gebruik? (Klassiek, Rock, Avant-garde, Kerkmusiek, Blues, Jazz, Afrika, Gospel, ens.)

Pas dit by die genre van die rolprent, bv. aksie, drama, avontuur, wetenskap- fiksie, fantasie, oorlog, Wilde Weste, ens.?

2. **Tema, melodie**

Is daar enige hooftemas?

Word dit met spesifieke karakters (of gebeure/ situasies) verbind?

3. **Ritme en tempo**

Is die musiek vinnig of stadig? Is daar kenmerkende ritmepatrone?

4. **Harmonie en toonsoort**

Is die musiek tonaal (in 'n majeur- of mineur toonsoort) of atonaal - (geen toonsoort) bv. enige tone in enige opvolging)?

5. **Instrumentasie en orkestrasie**

Instrumentasie: Is dit vokaal of instrumentaal? Is dit elektroniese musiek? Watter instrumente word gebruik vir spesifieke karakters en situasies? Orkestrasie: Hoe word die instrumente gekombineer?

6. **Tekstuur**

Beskryf die tekstuur: dig, yl, grof, glad, besig, skerp, krakerig, syagtig, dor (bar), fluweelagtig, ineensmeltend, ens.

7. **Timbre (***Tam'bre***)**

Beskryf die klankkleur: warm, koud, spokerig, weergalmend, klingelend, helder, deurdringend, nabootsend, dof, metaalagtig, ens.

8. **Dinamiek en uitdrukking**

Beskryf die intensiteit van die klank? Hard of sag; vrolik of hartseer; ens.

9. **Vormstrukture**

Is daar enige vormstruktuur? AB, ABA, vers en refrein, ens.

10. **Enkele komposisietegnieke**

Watter tegnieke word gebruik?

Voorbeelde van tegnieke is, onder andere, herhaling, nabootsing, sinkopasie, transformasie, ens.

Stap 4

Hou 'n klasbespreking en deel jou analise met die res van die klas. Lig dit toe met 'n video (of CD) -opname van die rolprent.

Nabetragtingsvrae

Dink oor jou navorsings-, analiserings- en aanbiedingsproses en beantwoord die volgende vrae:

1. Watter hulpbronne het vir jou die meeste beteken in jou navorsing?

2. Was die inligting wat jy gekry het akkuraat en insiggewend? Waarom/waarom nie?

3. Het hierdie benadering jou gehelp om die doel, funksie en ontwikkeling van rolprentmusiek beter te verstaan?

3.3.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
continued on next page

LU 2
REFLEKSIEDie leerder kan krities en skeppend op kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in vergange, asook huidige kontekste reflekteer.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
GESAMENTLIK
2.3 kan analiseer hoe kulture mekaar affekteer en hoe hulle verandering ondergaan;
2.4 die rol wat tegnologie in die vorming van prosesse en produkte in drama, dans, musiek en kuns oor die tyd heen gespeel het, kan analiseer;
2.5 die begrippe mag, kontrole en dominering in massamedia- en volkskultuurverband kan bespreek en vertolk;
DANS
2.7 besin en vergelykings tref oor hoe sosiale danse hulle tyd weerspieël;
DRAMA
2.8 die positiewe en negatiewe effekte van televisie, radio, dokumentêre programme of rolprente op ons lewens kan analiseer;
2.9 ‘n resensie oor ‘n plaaslike of ander dramaproduksie kan skryf, met verwysings na konvensies van die opvoer en elemente van drama;
MUSIEK
2.10 die wyse waarop musiek in liedjies, rituele, publieke gebeure, rolprente, opera of advertensies gebruik word om reaksies te ontlont, kan analiseer;
VISUELE KUNSTE
2.11 die invloede en omstandighede wat die ontwikkeling van ‘n Suid-Afrikaanse, Afrika- of internasionale kunstenaar uit die verlede of hede bepaal, kan ondersoek en verduidelik.

Table 3.7

3.4 Rolprente uit twee verskillende genres[4]

3.4.1 KUNS EN KULTUUR

3.4.2 Graad 9

3.4.3 KRITIESE EN KREATIEWE REFLEKSIE

3.4.4 Module 12

3.4.5 ROLPRENTE UIT TWEE VERSKILLENDE GENRES

DRAMA

In hierdie eenheid gaan ons na twee rolprente uit twee verskillende genres kyk.

Jou opvoeder sal jou die video's van hierdie rolprente wys. Die eras waarin hierdie rolprente vervaardig is, sal vir jou geskep word en jy sal meer van die rolprentbedryf vertel word.

Aktiwiteit 1:

Om die positiewe en negatiewe effekte van rolprente op ons lewens te analiseer:ROLPRENTE VAN DIE 60'S EN 70'S

[LU 2.8]

Kyk na die volgende rolprentgenres en probeer 'n rolprent kry wat by elke genre pas:

ROLPRENTGENRES	ROLPRENTE
Rolprent van die Wilde Weste ("Western")	
Komedies	
Musiekblyspele	
Romanse	
Epiese verhale	
Gruwelrolprent ("Horror movies")	
Rillers	
Ramprolprent ("Disaster movies")	
Dramas	
Animasie	
Dokumentêre rolprente	
Avontuurrolprente	

Table 3.8

Oefening 1: Rolprente van die 60's

Die **O**pstel

Butch Cassidy and the Sundance Kid

- Kyk na die video van die rolprent.
- Skryf 'n opstel wat die volgende kriteria insluit:

Die intrige

Die karakters

[4] This content is available online at <http://cnx.org/content/m25509/1.1/>.

Die moraal
Die styl
Die kunsregie

Figure 3.3

Klasbespreking
Bespreek die volgende in die klas na afloop van die rolprent en nadat die opstelle geskryf is.
Wat was die fokus van die rolprent?
Watter ander keuses kon die karakters gemaak het?
Waarom, dink jy, is die rolprent gemaak?
Wat vertel hierdie rolprent vir ons oor die vervaardiger, regisseur en die skrywer se siening van die wêreld?
Wat het die rolprent vir jou beteken?
Hoe reflekteer die rolprent die tyd waarin dit gemaak is?
Beantwoord die volgende vrae na afloop van die klasbespreking:
1. Het jy die rolprent geniet? Waarom?
2. Wat is die genre van *Butch Cassidy and the Sundance Kid?*
3. Kon jy met die karakters identifiseer? Waarom? Waarom nie?
4. Hoe belangrik, dink jy, is die klankbaan van 'n rolprent? Waarom?
5. Watter karakter in die rolprent sou jy graag wil speel? Waarom?
6. Hoe het die regisseur kontras in die rolprent gebruik? Die beligtingsontwerper? Die klanktegnikus? Die akteurs?
7. Het hierdie rolprent 'n negatiewe of positiewe uitwerking op jou lewe gehad? Waarom?
8. Sou jy die einde van die rolprent wou verander? Waarom? Hoe?

Oefening 2: Rolprente van die 70's
Die **O**pstel

Star Wars: The Empire Strikes Back **(1978)**

- Kyk na die video van die rolprent.
- Skryf 'n opstel oor die volgende nadat jy die rolprent gesien het:

Wetenskapsfiksie
Spesiale effekte
Die intrige
Die karakters
Die moraal
Die kunsregie

Figure 3.4

Beantwoord die volgende vrae nadat jy na die rolprent gekyk en jou opstel geskryf het.
1. Het jy die rolprent geniet? Waarom? Waarom nie?
2. Het die rolprent 'n boodskap gehad? Indien wel, dink jy die boodskap het getref? Waarom? Waarom nie?
3. Van watter karakter het jy die meeste gehou? Waarom?
4. Waar was die klimaks? Wat was dit?
5. Hoe, dink jy, verbeeld hierdie rolprent die 70's-era?
6. Het hierdie rolprent 'n positiewe of negatiewe uitwerking op jou lewe gehad? Hoe? Waarom?

Vergelyk die twee rolprente wat jy gesien het met mekaar ten opsigte van die volgende:

	Butch and Sundance	Star Wars
Era:		
Genre:		
Boodskap:		
Klankbaan:		
Fokus:		
Spanning:		
Spesiale effekte:		
Regie:		
Stel en lokasie:		
Kostuums:		

Table 3.9

Klasbespreking

Bespreek die volgende:

Hoe hou wetenskapfiksie verband met die huidige situasie in Suid-Afrika?

Wat is die positiewe en negatiewe uitwerking van ‘n wetenskapfiksie-rolprent op ons lewens?

Aktiwiteit 2:

Om ‘n RESENSIE te skryf en te verwys na die toneelmagtigheid en dramatiese elemente

[LU 2.9]

Jy het die rolprente gesien, die verskillende aspekte van elke rolprent ondersoek en jou opstelle geskryf. Nou gaan jy ‘n resensie skryf oor een van hierdie twee rolprente en na die toneelmatigheid en dramatiese elemente van die produksie verwys.

vir die doel van hierdie opdrag kan jy die resensie oor enige van die twee rolprente skryf

Wenke vir die skryf van ‘n resensie:

Plaas die produksie in konteks.

Maak seker daar is ‘n kort opsomming oor die intrige/plot.

Beskryf duidelik jou persoonlike gevoel oor die produksie.

Lewer kommentaar oor die gebruik van dramatiese elemente: toneelmatigheid, spesiale effekte, musiek, klank, beligting, kostuums, kunsinkleding, grimering, tegniese aspekte, redigering, ens.

Lewer kommentaar oor die toneelspel. (karakterisering, realisme, tegniek, ens.)

Lewer kommentaar oor die regie.

Lewer kommentaar oor die produksie en sy genre.

Lewer kommentaar oor die teks.

Gee altyd redes en regverdig jou menings.

3.4.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
continued on next page

LU 2
REFLEKSIEDie leerder kan krities en skeppend op kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in vergange, asook huidige kontekste reflekteer.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
GESAMENTLIK
2.3 kan analiseer hoe kulture mekaar affekteer en hoe hulle verandering ondergaan;
2.4 die rol wat tegnologie in die vorming van prosesse en produkte in drama, dans, musiek en kuns oor die tyd heen gespeel het, kan analiseer;
2.5 die begrippe mag, kontrole en dominering in massamedia- en volkskultuurverband kan bespreek en vertolk;
DANS
2.7 besin en vergelykings tref oor hoe sosiale danse hulle tyd weerspieël;
DRAMA
2.8 die positiewe en negatiewe effekte van televisie, radio, dokumentêre programme of rolprente op ons lewens kan analiseer;
2.9 ‘n resensie oor ‘n plaaslike of ander dramaproduksie kan skryf, met verwysings na konvensies van die opvoer en elemente van drama;
MUSIEK
2.10 die wyse waarop musiek in liedjies, rituele, publieke gebeure, rolprente, opera of advertensies gebruik word om reaksies te ontlont, kan analiseer;
VISUELE KUNSTE
2.11 die invloede en omstandighede wat die ontwikkeling van ‘n Suid-Afrikaanse, Afrika- of internasionale kunstenaar uit die verlede of hede bepaal, kan ondersoek en verduidelik.

Table 3.10

Chapter 4

Kwartaal 4

4.1 Beplan 'n radio advertensie[1]

4.1.1 KUNS EN KULTUUR

4.1.2 Graad 9

4.1.3 SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

4.1.4 Module 13

4.1.5 BEPLAN 'N RADIO ADVERTENSIE

DRAMA

In hierdie module gaan ons radio-uitsending ondersoek. Julle opvoeder sal aan julle inligting oor radio-uitsendings verskaf sodat julle ook hierdie aspek van die uitvoerende kunste kan ontdek.

Radio-uitsending is gefokus op die stem. Hou in gedagte dat die 'gehoor' – of in hierdie geval, die luisteraars – jou nie kan sien nie, maar slegs kan hoor.

4.1.6 Aktiwiteit 1:

4.1.7 Om 'n roetine te skep en vir die klas aan te bied: DIE OPWARMING

4.1.8 [LU 1.6]

Hier is jou kans om 'n opwarmingsroetine aan te bied – soos jy graag jou liggaam en stem wil opwarm! Onthou om altyd jou stem baie goed op te warm!

Wenke vir die beplanning en voorbereiding van opwarming:

Ontspanning

- die eerste prioriteit van die akteur is ontspanning
- die akteur se liggaam en stem is sy instrumente
- spanning van enige soort beperk uitvoering
- spanning wys eerste in die stem a.g.v. vlak asemhaling
- begin met die skouers
- beweeg dan na die arms en hande
- die bolyf is die middelpunt van alle beweging, omdat dit ons asem huisves
- asemhalingsoefeninge is belangrik

[1] This content is available online at <http://cnx.org/content/m25362/1.1/>.

- eindig hierdie afdeling met oefeninge vir die bene, enkels en die voete

Postuur / Houding

- fokus daarop om die skouers vierkantig en die maag in te hou en algehele stembeheer te behou
- die postuur moet gemaklike en ekspressiewe stemgebruik en beweging toelaat

Asemhaling en Stem

- goeie asemhaling is 'n fundamentele vereiste vir stemproduksie
- alle asemhalingsoefeninge moet na ontspanningsoefeninge uitgevoer word
- die vereistes vir goeie stemproduksie is ontspanning, goeie postuur, genoegsame asemvoorraad, beheerde gebruik van die diafragma en tussenribspiere, ontspanne en onbeperkte mondelinge- en keelresonators, en die vorming van klanke voor in die mond om 'n keelstem te voorkom en projeksie te bevorder
- asemhaling moet met die borskas uitgevoer word deur die ribbekas te vergroot, en met die diafragma

Wenke vir die aanbieding van 'n opwarmingsroetine:
Dit is raadsaam om voor die klas te staan wanneer jy instruksies gee.
Maak seker dat jou instruksies duidelik en hoorbaar is.
Maak seker dat jou instruksies maklik genoeg is vir die klas om te volg.
Demonstreer en verduidelik elke instruksie voordat die klas die oefening doen.
Wees kreatief.
Maak dit pret vir jouself, asook vir die res van die klas.

4.1.9 Aktiwiteit 2:

4.1.10 Om deel te wees van die beplanning van 'n RADIO ADVERTENSIE

4.1.11 [LU 1.7]

Nou kan ons begin met die vervaardiging van die radio-advertensie! Met hierdie module gaan julle 'n radio-advertensie vir die Afrika-dans in Leereenheid 2 van Module 4 beplan en vervaardig.

Hou in gedagte dat jou gehoor gaan HOOR wat jy doen. Hulle kan jou nie sien nie, daarom is jy aangewese op jou stem, die musiek en die byklanke om sodoende 'n suksesvolle radio-advertensie te vervaardig.

1. Klankeffekte

- Eksperimenteer met verskillende klankeffekte deur gebruik te maak van voorwerpe wat in die klas beskikbaar is.
- Voorbeelde: reën, donderweer, deure wat klap, motors wat remme aanslaan, tee wat geskink word, restaurant-geluide, oerwoud-geluide, ens.
- Neem die effekte op en speel dit terug aan die res van die klas.

2. Die advertensie

- Ontwerp en beplan 'n radio-advertensie vir 'n spesiale geleentheid of opvoering, bv. die Afrika-dans van Aktiwiteite vir die Leerder, Graad 9 Module 4, Leereenheid 2'.
- Die volgende aspekte moet in gedagte gehou word met die beplanning van die advertensie:

- Daar moet 'n teks vir die advertensie wees.
- Wie gaan die oorklanking (dialoog) vir die advertensie doen?
- Is musiek noodsaaklik? Indien wel, watter soort musiek moet dit wees?
- Is spesiale klankeffekte nodig?

- Hoe lank gaan die advertensie wees? (nie meer as 60 sekondes nie).
- Wie is die regisseur?
- Wie is die vervaardiger?
- Wie gaan die advertensie opneem?
- Is daar opneemtoerusting by die skool beskikbaar?
- Op wie is die advertensie gerig?
- Die datum, tyd en plek van vertoning moet in die advertensie genoem word.

- Deel op in groepe, afhangende van hoe groot of klein die klas is.
- Beplan, skryf en vervaardig die advertensie vir die 'Afrika-dans'.
- Kies 'n advertensie uit die klas om uitgesaai te word – daar kan meer as een advertensie gekies word.

3. Die uitsending

- Saai die 'wenadvertensie' oor die skoolinterkom uit om die dans te adverteer.

Wenke vir die vervaardiging van 'n radio-advertensie:
Bespreek die 'gevoel' van die advertensie wat julle met die groep beplan.
Selekteer die inligting wat julle in die advertensie wil insluit, bv. tyd, datum, plek, ens.
Selekteer die spesiale klankeffekte, indien enige.
Selekteer die agtergrondmusiek.
Skryf die teks.
Selekteer die persoon/persone wat die stemwerk/oorklanking moet doen.
Hou jou teikengehoor in gedagte.
Wees kreatief.
Geniet dit.
Wenke vir die opname van 'n radio-advertensie:
Eksperimenteer met afstand van die mikrofoon.
Eksperimenteer met harde en sagte klanke – dit sluit in die stem, musiek en byklanke.
Besluit of die musiek 'n prominente deel van die advertensie moet wees of net in die agtergrond.

4.1.12 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
skepping, interpretasie en aanbiedingDie leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.
Assesseringstandaarde(ASe)
continued on next page

Dit is duidelik wanneer die leerder:
DANS
1.1 deelneem aan die choreografie en aanbieding van ‘n kort dans vir ‘n opvoering of kulturele gebeurtenis;1.2 ter voorbereiding van die liggaam, ‘n stel opwarmings- en vaardigheidsopbouende bewegingsreekse akkuraat doen, insluitende liggaamskondisionering en danstegnieke in ‘n bepaalde styl;1.3 gekoördineerd, musikaal, met gehalte, styl, balans en beheer oor ruimte heen in bewegingsreekse beweeg;1.4 werk leer en opvoer, met gepaste styl en bewegingsgehalte, wat deur ander gechoreografeer is uit minstens twee kulture – wat mag insluit:
1.4.1 klassiek / tradisioneel (uit Afrika, Oosters of Westers);
1.4.2 kontemporêr;
1.5 ‘n dans skep, met ‘n duidelike begin, middel en einde, waarin passies of style van meer as een Suid-Afrikaanse dansvorm saamsmelt;
DRAMA
1.6 ‘n eenvoudige opwarmingsroetine met die klas uitvoer;1.7 deelneem aan ‘n aspek van die beplanning, organisasie, reklame, fondsinsameling of produksie van ‘n dramatiese item wat ‘n gehoor sal hê;
MUSIEK
5 7 12 4 4 4 8 4 1.9 die stem en beskikbare slag- of melodiese instrumente gebruik en musiek maak in maatslag;1.10 ‘n musiekuitvoering organiseer en bemark ten opsigte van die beplanning, reklame, fondsinsameling en produksie daarvan;
VISUELE KUNS
1.14 kuns, handwerk of ontwerpstukke skep wat:
1.14.1 idees of begrippe in ‘n visuele vorm weergee;
1.14.2 demonstreer dat die elemente en beginsels van ontwerp met selfvertroue gebruik word;
1.15 ‘n entrepreneursbewustheid van die bemarking van kunsprodukte in terme van die teikenmark, verpakking, plek, prys, reklame, klanteverhoudings en ‘n bewustheid van toerisme ontwikkel;
1.17 eie en groep se kunswerke (insluitend tekens, etikette en byskrifte) vir ‘n openbare aanbieding selekteer, aanbied en monteer.

Table 4.1

4.2 'n Afrika-dans vir Erfenisdag[2]

4.2.1 KUNS EN KULTUUR

4.2.2 Graad 9

4.2.3 SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

4.2.4 Module 14

4.2.5 'N AFRIKA-DANS VIR ERFENISDAG

DANS

Aktiwiteit 1:

Om die liggaam OP TE WARM voor uitvoering van die aktiwiteite

[LU 1.1]

Die opwarming verminder die moontlikheid van beserings en sal die danse makliker maak om uit te voer. Dit sal makliker en meer pret wees as julle die opwarming met musiek doen. Moenie musiek kies wat te vinnig is nie.

Voorbereiding

Staan met voete 'n heupwydte van mekaar, voete wys vorentoe, arms hang langs sye.

- Dit is belangrik om jou liggaamslyn te behou om die spesifieke spiere wat opgewarm word, te isoleer.
- Korrekte liggaamslyne sal beserings verhoed.
- Beweeg slegs die liggaamsdele en spiere soos voorgeskryf.

Asemhalingsoefening

- Asem in deur die neus vir vier tellings en lig die arms geleidelik sywaarts op.
- Strek jou ruggraat.
- Asem uit deur jou mond vir vier tellings en laat sak jou arms geleidelik.
- Herhaal asemhalingsoefening.
- Staan met voete heupwydte van mekaar – knieë effens gebuig – arms langs die sye.
- Herhaal vier keer.

L oop en arm-opwarming

- Loop op die plek op die maat van die musiek.
- Lig arms reguit vorentoe op tot skouerhoogte en laat sak (agt keer).
- Lig arms reguit op na die kante – skouerhoogte – en laat sak (agt keer).
- Lig arms reguit op vanuit skouerhoogte en bring vorentoe en dan uit na die kante (agt keer).
- Kombineer armbewegings – herhaal elke oefening agt keer.
- Herhaal elke oefening vier keer.
- Herhaal elke oefening twee keer.
- Hou aan met loop op die plek terwyl jy die armoefeninge uitvoer.

L oop en beweeg

- Loop vorentoe vir vier tellings – lei met jou regterbeen.
- Loop agtertoe vir vier tellings – kyk vorentoe.
- Loop na regs vir vier tellings.
- Draai om en loop na links vir vier tellings.
- Sit armbewegings by.

[2]This content is available online at <http://cnx.org/content/m25319/1.1/>.

- Herhaal loop-oefening agt keer met armbewegings.

L oop met rigtingveranderings

- Loop vorentoe vir vier tellings.
- Loop agteruit (kyk vorentoe) vir vier tellings.
- Draai en loop na regs vir vier tellings.
- Draai na links en loop vir vier tellings.
- Loop vir vier tellings na die diagonale regterhoek.
- Loop agteruit na die beginposisie.
- Loop vir vier tellings na die linkerhoek.
- Loop agteruit na die beginposisie vir vier tellings.
- Draai om en loop na die agterste regterkantse hoek vir vier tellings.
- Loop agteruit terug na die beginposisie vir vier tellings.
- Loop na die agterste linkerkantse hoek vir vier tellings.
- Loop agteruit na die beginposisie vir vier tellings.

- Draai om en kyk vorentoe.
- Herhaal rigtingveranderings vier keer.



Figure 4.1

Loop met rigtingveranderings - addisioneel

- Herhaal rigtingveranderingsformasie.
- Lig jou been vorentoe op (met die knie gebuig) op elke vierde telling.
- Herhaal formasie en lig been na die kant op met die knie gebuig op die vierde telling.
- Herhaal formasie en lig been agtertoe op met die knie gebuig (hak wys na boud) op die vierde telling.
- Herhaal formasie en hurk op die vierde telling.
- Sit armbewegings by.
- Jy kan hierdie bewegings kombineer op enige manier soos jy wil – wees kreatief!

Onderlyfopwarming

- Kom terug na hurk-posisie – voete uitmekaar – knieë gebuig – liggaam regop.
- Buig en maak knieë reguit deur boude uit te druk en bolyf effens vorentoe met ‘n reguit rug – hande op knieë (agt keer).
- Bring voete na mekaar en hurk agt keer.
- Maak knieë oop terwyl jy hurk en toe terwyl jy regop kom (agt keer).

Laerugopwarming

- Bly in hurk-posisie – met die hande op die knieë.
- Trek lae rug saam deur jou boude onder jou lyf saam te trek en ontspan (agt keer).

Skeen- en kuitopwarming

- Bly in 'hurk-posisie" en lig en laat sak jou hakke om die beurt, agt keer.
- Lig en laat sak jou tone (en voorste deel van jou voete) om die beurt, agt keer.

Dyspieropwarming

- Leun met die liggaam van kant tot kant. Herhaal agt keer.
- Leun nog dieper af, tot jou hande stadigaan aan die grond begin raak terwyl jy steeds laer afleun (gebruik agt tellings).
- Leun na regs en behou die posisie vir agt tellings, terwyl jy die tone van jou reguit been en die hak van jou gebuigde been lig (hou gestrek vir agt tellings).
- Ruil kante om en herhaal die oefening na die linkerkant.
- Hou die strekke vir agt tellings.

- Leun weer na regs en draai jou liggaam na regs.
- Buig en maak jou voorste been reguit – agt keer.
- Maak albei bene reguit en buig die agterste knie na die vloer en maak reguit (agt keer).
- Herstel na middel.
- Ruil om na links en herhaal die oefening.

Herstel

- Leun van kant tot kant terwyl jy stadig regop kom – kop kom laaste op.
- Loop op die plek met voete na buite gedraai vir agt tellings.
- Bring voete bymekaar en loop op die plek vir agt tellings.
- Skud alle beweegbare liggaamsdele.

Julle is nou gereed om met die dansaktiwiteite te begin.

Aangesien Erfenisdag in September gevier word, sal dit dalk gepas wees om Afrika-dans vooraf te ondersoek, en op Erfenisdag so 'n tipe dans uit te voer.

Hier volg 'n paar riglyne om jou te help om jou spesiale Erfenisdag-dans te skep:

4.2.6 Die musiek

Kies enige musiek met 'n Afrika 'gevoel'

- Voorbeelde:

- "Ipi Tombi"-klankbaan
- "Shosholoza" deur Ladismith Black Mambazo

- "Danzer" deur Anton Goosen en Lucky Dube
- "Pennywhistle" deur Mango Groove
- "Imagine Africa" deur Sean Fren

- "The Warrior" deur Margaret Singana
- "Hamba Bhekile" deur Margaret Singana

- Jy is meer as welkom om te eksperimenteer met perkussie of 'n tromklank i.p.v. die musiek.
- Luister na die musiek.
- Kies die musiek waarop julle graag sal wil dans.

4.2.7 Die ritme

- Die ritme word verskaf deur musikante wat perkussie- of slaginstrumente speel, deur sangers, of deur ‘n kombinasie van musiek en sang.
- ‘n Afrika-danser word hoofsaaklik getakseer op sy vaardigheid om die perkussiewe musikale ritme te volg, “om die tromme met sy voete te speel”, of enige ander deel van die liggaam wat die ritme kan genereer.
- In sommige kulture word die ritmiese patrone uitgedruk met voetpatrone, in ander deur sametrekkings van die bolyf, sterk skouerbewegings, vinnige vibrasies of draaie van die boude, of akrobatiese spronge.
- Ritme verskaf ook die name van danspassies:

- “Ikpo Okme”: danser spring van een voet na ‘n ander
- “Ebenebe”: ‘n stamp-patroon wat lei tot ‘n wawielbeweging
- “Iza”: regop bolyf met hoë skoppe
- “Nkpopi”: ‘n dans met spronge
- “Etukwa”: die bolyf wat afbuig na die aarde soos die voete ‘n staccato-maat uitstamp
- “Nzaukwu Nabi”: stamp-passies met skielike pouses
- “Ubi-Ogazu”: voëlagtige spronge in ‘n sirkel

4.2.8 Die bewegings

- Beweeg vryelik met die musiek – laat die musiek jou lei.
- Gebruik alle beweegbare liggaamsdele.
- Loop op die maat van die musiek – in ‘n sirkel of in rye.
- Klap jou hande op maat van die musiek terwyl julle beweeg.
- Voer eenvoudige voetpatrone uit.
- Eksperimenteer met die verskillende vlakke, bv. deur vorentoe te leun vanuit die heupe sodat julle bolywe amper parallel met die grond is.

- Voer vinnige voetslae uit deur julle gewig van hak na toon en die kant van die voet uit te voer in ritmiese patrone (asof julle julself op ‘n wankelrige bootjie probeer balanseer of deur ‘n moeras loop).
- Maak gebare asof julle in water plas.
- Beweeg asof julle versigtig deur die bos beweeg.
- Buig jou knieë en voer swaaibewegings met jou arms uit.
- Eksperimenteer met allerlei ander bewegings deur julle knieë te buig.

4.2.9 Dansformasies

- Daar is vier hoof Afrika-dansformasies:

- ‘n dansspan wat ‘n geformaliseerde vloerpatroon gebruik
- ‘n groep wat ‘n vryvloeiende danspatroon gebruik
- ‘n groep wat ‘n formasie gebruik waar solo-dansers vorentoe kom en hulle individuele vaardighede ten toon stel
- ‘n solo-danser, gewoonlik die leier, ritueel-spesialis, kruiedokter of nar, wat deur die musikante ondersteun word.

- Die algemeenste vorm van dans binne die Afrika-tradisie is ‘n dansspan wat óf in ‘n geslote sirkel dans, met dansers wat na binne kyk, óf in ‘n ry, gevolg deur ‘n sirkel wat om die musikante gevorm word.

- Die dansers beweeg gewoonlik anti-klokgewys in ‘n sirkel.
- ‘n Lineêre of sirkelvloerpatroon word gebruik deur kulture wat ‘n kombinasie van span- en solo-dansers gebruik.
- Beweeg as ‘n eenheid in ‘n sirkelformasie, van waar elke danser uit die sirkel breek en individueel in die sirkel dans.
- Beweeg in ‘n los semi-sirkellyn, waaruit sekere dansers uitbeweeg na die gehoor.
- Indien musikante gebruik word, kan julle na en van die musikante beweeg.
- Beweeg in ‘n meer geordende ry en voer ekspressiewe handgebare uit.

4.2.10 Danshoudings (postuur)

- Daar is drie tipiese danshoudings:

- ‘n regop postuur met ‘n reguit rug (soos gebruik as ‘n uitdrukking van gesag in die danse van stamhoofde en priesters)
- vorentoe leun vanuit die heupe, en die aandag verskuif met gebare na die grond toe
- die danser hou sy bolyf amper parallel met die grond en plaas die liggaamsgewig op die balle van die voete

1. **Beweging!**

- Beweeg saam met die musiek, terwyl julle die agtergrond wat die opvoeder aan julle verskaf het, in ag neem.

Aktiwiteit 2:

Om ‘n dans te skep: AFRIKA-DANS VIR ERFENISDAG

[LU 1.3]

Met die agtergrondskennis wat opgedoen is in Aktiwiteit 2.1, kan ‘n dans vir Erfenisdag geskep word.

Die Skep van ‘n Afrika-dans

- Kies musiek en bewegings vanuit die vorige oefening om julle spesiale Erfenisdag-dans te choreografeer.
- Die dans moenie langer as drie minute wees nie.
- Beplan die dans saam met die opvoeder.
- Neem beginsels van vorm in ag – motiewe, ontwikkeling, herhaling, variasie, kontras, oorgange, klimaks en eenheid met die skep van die dans in seksies tot ‘n geheel.
- Laat die leerders die gehoor in ag neem met die aanbieding, bv. ruimtelike plasing, vorm, lyn, fokus en projeksie.
- Ontwerp kostuums en grimering vir die dans.

Die Opvoering

- Oefen die dans vir Erfenisdag en voer die dans op met kostuums, maskers, grimering, ens.

Aktiwiteit 3:

Om die spiere AF TE KOEL EN TE STREK na afloop van die oefening

[LU 1.4]

Dit is belangrik dat jy jou spiere strek na elke klas. Indien jy nie strek nie, sal jou spiere die volgende dag styf en seer voel. Kies stadige, rustige musiek.

Asemhalingsoefening

Staan met voete ‘n heupwydte van mekaar, arms slap langs die sye.

- Asem in deur die neus, terwyl jy jou arms bo jou kop lig.

- Asem uit deur jou mond, laat sak arms en buig knieë op dieselfde tyd.
- Herhaal vier keer.

A rmstrek

- Strek regterarm vorentoe en trek met die linkerhand die arm na jou liggaam toe – herhaal aan die linkerkant.

Armstrek (triceps)

- Lig jou regterarm reguit op bokant jou kop.
- Buig jou arm by die elmboog – arm agter jou kop.
- Trek die regterarm stadig met jou linkerhand na links – hand op jou elmboog.
- Voel die strek in jou triceps.
- Hou die strek vir agt tellings.
- Ruil arms om.

Onderlyfstrek

- Maak bene oop – knieë effens gebuig.
- Draai na regs met jou hele liggaam.
- Buig knieë tot 'n 90 grade hoek – hou bolyf regop – plaas jou hande op die voorste been.
- Hou strek vir agt tellings.
- Maak jou bene reguit – laat sak jou bolyf vorentoe na die voorste been so ver as wat jy kan – plaas jou hande laer by jou been af.
- Hou strek vir agt tellings.

- Buig jou voorste been en plaas jou hande op die vloer.
- Bring jou hele lyf vorentoe af na die vloer toe en maak jou agterste been reguit – voet op die vloer.
- Lig die voorste deel van die voet van die gebuigde been.
- Hou strek vir agt tellings.

- Hou hande op die vloer en neem die voorste been agtertoe langs die agterste been.
- Hou jou voete bymekaar en buig jou regterknie na die vloer toe.
- Hou strek vir agt tellings.
- Buig linkerknie – hou vir agt tellings.

- Sit jou hakke op die vloer en "loop" met jou hande agtertoe tot by jou voete.
- Indien jou hande nie die vloer kan raak nie, hou jou bene vas.
- Hou hierdie dybeen-strek vir agt tellings.

- Krul stadig op – kop kom laaste op.
- Skud al die beweegbare liggaamsdele.
- Buig na jou opvoeder om dankie te sê vir die klas.

4.2.10.1 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
skepping, interpretasie en aanbiedingDie leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
DANS
1.1 deelneem aan die choreografie en aanbieding van ‘n kort dans vir ‘n opvoering of kulturele gebeurtenis;1.2 ter voorbereiding van die liggaam, ‘n stel opwarmings- en vaardigheidsopbouende bewegingsreekse akkuraat doen, insluitende liggaamskondisionering en danstegnieke in ‘n bepaalde styl;1.3 gekoördineerd, musikaal, met gehalte, styl, balans en beheer oor ruimte heen in bewegingsreekse beweeg;1.4 werk leer en opvoer, met gepaste styl en bewegingsgehalte, wat deur ander gechoreografeer is uit minstens twee kulture – wat mag insluit:
1.4.1 klassiek / tradisioneel (uit Afrika, Oosters of Westers);
1.4.2 kontemporêr;
1.5 ‘n dans skep, met ‘n duidelike begin, middel en einde, waarin passies of style van meer as een Suid-Afrikaanse dansvorm saamsmelt;
DRAMA
1.6 ‘n eenvoudige opwarmingsroetine met die klas uitvoer;1.7 deelneem aan ‘n aspek van die beplanning, organisasie, reklame, fondsinsameling of produksie van ‘n dramatiese item wat ‘n gehoor sal hê;
MUSIEK
$\begin{matrix} 5 & 7 & 12 & 4 \\ 4 & 4 & 8 & 4 \end{matrix}$ 1.9 die stem en beskikbare slag- of melodiese instrumente gebruik en musiek maak in maatslag;1.10 ‘n musiekuitvoering organiseer en bemark ten opsigte van die beplanning, reklame, fondsinsameling en produksie daarvan;
continued on next page

VISUELE KUNS
1.14 kuns, handwerk of ontwerpstukke skep wat:
1.14.1 idees of begrippe in ‘n visuele vorm weergee;
1.14.2 demonstreer dat die elemente en beginsels van ontwerp met selfvertroue gebruik word;
1.15 ‘n entrepreneursbewustheid van die bemarking van kunsprodukte in terme van die teikenmark, verpakking, plek, prys, reklame, klanteverhoudings en ‘n bewustheid van toerisme ontwikkel;
1.17 eie en groep se kunswerke (insluitend tekens, etikette en byskrifte) vir ‘n openbare aanbieding selekteer, aanbied en monteer.

Table 4.2

4.3 Ontwerp ’n verhoogstel en advertensieplakkaat[3]

4.3.1 KUNS EN KULTUUR

4.3.2 Graad 9

4.3.3 SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

4.3.4 Module 15

4.3.5 ONTWERP ‘N VERHOOGSTEL EN ADVERTENSIEPLAKKAAT

VISUELE KUNS

Tot dusver het julle onder andere **verpakkingsontwerp**, **subkulture** en die **invloede op ‘nkunstenaar se werk** ondersoek. Nou gaan julle die verpakkingsontwerp van Module 1 en die modelverhogie van Module 3 verder verken en gebruik as inspirasie vir die ontwerp en skepping van ‘n volwaardige **verhoogstel**, asook ‘n **advertensie-plakkaat** vir julle klasproduksie.

4.3.6 Aktiwiteit 1:

4.3.7 Om ‘n stel vir ‘n verhoogproduksie te ontwerp

4.3.8 [LU 1.14]

STAP 1

- Jy moet ‘n stel op miniatuurskaal vir die dansproduksie van Leereenheid 2 ontwerp. Hierdie stel moet so ontwerp word dat dit enige plek gebruik kan word en nie noodwendig op ‘n saal se verhoog nie – dit moet selfs in die buitelug opgerig kan word.
- Aangesien die dansproduksie op ERFENIS fokus, moet jy kyk hoe jy deur middel van die stel die dans kan aanvul deur gebruik te maak van verskeie erfenisbeelde en/of –simbole. Kyk ook in jou eie omgewing vir enige plekke wat deur jou gemeenskap as ‘n erfenis beskou word. As jy byvoorbeeld in die Kaapstad-omgewing bly, kan jy gebruik maak van ‘n erfenis soos Tafelberg, die Kasteel, Robbeneiland, ou Kaapse huisies, ensovoorts.
- Verdeel eers jou papier horisontaal in drie dele deur middel van drie stippellyne: lyn (a) is jou agtergrond; lyn (b) die middelgrond en lyn (c) die voorgrond:

STAP 2

[3] This content is available online at <http://cnx.org/content/m25357/1.1/>.

- Skryf nou eers in jou leerderjoernaal neer waar en wanneer die dans/toneelstuk afspeel; bv. binne of buite, in die stad of op die platteland, gedurende die dag of nag, ensovoorts.
- Daarna beplan jy:

(a) wat in die agtergrond geplaas moet word, bv. 'n horisonlyn met hoë geboue of 'n bergreeks met 'n maan en wolke as dit in die nag afspeel, ensovoorts;
(b) wat in die middel geplaas moet word, bv. 'n muur, struike, 'n heining, ensovoorts;
(c) wat op die voorgrond moet wees, bv. 'n asdrom, 'n motorband, rommel, 'n bankie, ensovoorts.

Onthou dat die tema ERFENIS is! Onthou ook om kontraste, soos bv. lig en donker, helder en dof, koue en warm kleure, growwe en gladde teksture ens. in te werk sodat die voor-, middel- en agtergronde duidelik onderskeibaar is en nie saamsmelt nie. Dit is ook belangrik om plek oop te hou vir die dansers sodat hulle genoeg ruimte sal hê om vryelik te beweeg.

STAP 3

- Jy kan nou met kleurpastelle of verf **vorm en tekstuur** gee aan die voorwerpe wat jy op die drie stippellyne (agter-, middel- en voorgronde) geteken het. Knip dan elke voorwerp om die beurt uit, BEHALWE die onderkante, dit wil sê die dele wat op die drie stippellyne is. Nadat jy al die vorms uitgeknip het, kan jy hulle na bo buig om hulle met 'n 90°-hoek staan te maak. Die stelontwerp op 'n klein skaal is nou voltooi.
- Verdere detail soos bome, bosse of ander voorwerpe kan as losstaande invoegsels van karton gemaak word.
- Bogenoemde skaalmodel dien as beplanning van die stel op klein skaal sodat foute reggestel kan word voordat julle die stel op groot skaal gaan bou – kyk dus nou of daar genoeg ruimte vir die dansers sal wees, en of sommige van jou vorms nie in die pad sal wees nie.

4.3.9 Aktiwiteit 2:

4.3.10 Om bemarking vir 'n produksie te doen deur 'n advertensie-plakkaat te ontwerp

4.3.11 [LU 1.15]

STAP 1

As eerste stap in jou beplanning moet jy eers na die volgende aspekte kyk:

- **Dieteikenmark**: Is die produksie vir volwassenes of kinders, of vir albei? Is die produksie slegs vir die plaaslike gemeenskap of vir 'n groter gebied?
- **Plek van opvoering**: Waar gaan die produksie plaasvind – binne of buite; by die skool of in 'n plaaslike gemeenskapsaal? Is daar spesifieke sitplekke of staanplek, of beide?

- **Toegangskoste**: Is die vertoning gratis of word toegangsgeld gevra? Is die vertoning vir liefdadigheid, of om byvoorbeeld 'n bydrae te lewer tot gemeenskapsontwikkeling of -verfraaiing ?
- **Dinamiese maniere om reklame te maak**: Hoe kan die aandag van die publiek getrek word deur middel van kleurgebruik, inhoud, kontraste, leesbare lettergebruik, slim slagspreuke, bekende en herkenbare simbole en/of beelde?
- **Bewustheid van toerisme**: Wat maak hierdie produksie uniek aan die omgewing of eie aan Suid-Afrika? Wanneer julle bogenoemde vrae kan beantwoord, kan julle begin met die versameling van bronnemateriaal soos prente van dansers, erfenis in Suid-Afrika of jou eie omgewing, asook advertensies wat julle aandag getrek het.STAP 2

Letterwerk of **tipografie** is baie belangrik wanneer iets geadverteer moet word. Jy gaan dus eers 'n alfabet ontwerp en teken. Al die letters van die alfabet moet hoofletters wees. Kies enige dier wat eie aan Suid-Afrika is, soos 'n volstruis of leeu, en gebruik dan daardie dier vir die ontwerp van die hele alfabet. Sien die illustrasie as voorbeeld.

Die voltooide alfabet moet vir die belangrikste bewoording op die plakkaat gebruik word.

STAP 3

Laastens kan die advertensie-plakkaat ontwerp en gemaak word deur STAPPE 1 en 2 te kombineer. Gebruik ook van die versamelde beeldmateriaal (STAP 1) as inspirasie vir die ontwerp.

4.3.12 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
skepping, interpretasie en aanbiedingDie leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
DANS
1.1 deelneem aan die choreografie en aanbieding van 'n kort dans vir 'n opvoering of kulturele gebeurtenis;1.2 ter voorbereiding van die liggaam, 'n stel opwarmings- en vaardigheidsopbouende bewegingsreekse akkuraat doen, insluitende liggaamskondisionering en danstegnieke in 'n bepaalde styl;1.3 gekoördineerd, musikaal, met gehalte, styl, balans en beheer oor ruimte heen in bewegingsreekse beweeg;1.4 werk leer en opvoer, met gepaste styl en bewegingsgehalte, wat deur ander gechoreografeer is uit minstens twee kulture – wat mag insluit:
1.4.1 klassiek / tradisioneel (uit Afrika, Oosters of Westers);
1.4.2 kontemporêr;
1.5 'n dans skep, met 'n duidelike begin, middel en einde, waarin passies of style van meer as een Suid-Afrikaanse dansvorm saamsmelt;
DRAMA
1.6 'n eenvoudige opwarmingsroetine met die klas uitvoer;1.7 deelneem aan 'n aspek van die beplanning, organisasie, reklame, fondsinsameling of produksie van 'n dramatiese item wat 'n gehoor sal hê;
MUSIEK
continued on next page

1.9 die stem en beskikbare slag- of melodiese instrumente gebruik 1.10 ‘n musiekuitvoering organiseer en bemark ten opsigte van die beplanning, reklame, fondsinsameling en produksie daarvan;
VISUELE KUNS
1.14 kuns, handwerk of ontwerpstukke skep wat:
1.14.1 idees of begrippe in ‘n visuele vorm weergee;
1.14.2 demonstreer dat die elemente en beginsels van ontwerp met selfvertroue gebruik word;
1.15 ‘n entrepreneursbewustheid van die bemarking van kunsprodukte in terme van die teikenmark, verpakking, plek, prys, reklame, klanteverhoudings en ‘n bewustheid van toerisme ontwikkel;
1.17 eie en groep se kunswerke (insluitend tekens, etikette en byskrifte) vir ‘n openbare aanbieding selekteer, aanbied en monteer.

Table 4.3

4.4 Enkelvoudige en reelmatige maatslag[4]

4.4.1 KUNS EN KULTUUR

4.4.2 Graad 9

4.4.3 SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

4.4.4 Module 16

4.4.5 ENKRLVOUDIGE EN REËLMATIGE MAATSLAG

MUSIEK

Voorbeelde van **enkelvoudige** en **reëlmatige** maatslag:



Figure 4.2

Voorbeelde van **onreëlmatige** maatslag:

[4]This content is available online at <http://cnx.org/content/m25361/1.1/>.

$\frac{5}{4}$-maatslag:

'n Voorbeeld uit die musiekliteratuur is Dave Brubeck se *Take Five*

Daar is twee moontlikhede vir die onderverdeling, nl. 3+2 of 2+3

Figure 4.3

$\frac{7}{4}$ -maatslag:

'n Voorbeeld uit die musiekliteratuur is Dave Brubeck se *Unsquare Dance*

'n Moontlike onderverdeling is 2+2+3



Figure 4.4

Voorbeelde van **saamgestelde** maatslag:

In saamgestelde tyd word elke polsslag in 3 verdeel, in teenstelling met enkelvoudige maatslag waar elke polsslag in 2 verdeel word.



Figure 4.5

Soos reeds genoem, word elke polsslag in saamgestelde tyd in **3** verdeel. In hierdie geval is daar 4 maatslae, m.a.w. saamgestelde 4-maatslag.



Figure 4.6

STAP 2: Uitvoer van verskillende maatsoorte

Sodra jy vertroud is met die onderskeie maatsoorte kan dit as volg uitgevoer word:

- Liggaamsperkussie:

kombinasies van klap, vuiste op mekaar kap, klap op bobene

- Tromme:

kombinasies van verskillende tromtegnieke (*slap, tone, bass*)

STAP 3: T oepassing

Die volgende aanhaling kom uit 'n toespraak tydens die onthulling van 'n monument op Erfenisdagviering (1996). Lees die aanhaling en beantwoord dan die vrae.

"Today **it** forms part of our national anthem; and along with *Die Stem*, it embellishes various strands of our past in a unison of inclusiveness, of the oneness of South Africa's people."

1.	Wie vermoed jy het hierdie toespraak gelewer?
2.	Na watter lied ("it") word hier verwys?
3.	Ter ere van wie is die monument opgerig?
4.	Waarom?
5.	Wie het die *Die Stem* gekomponeer?
6.	Wie was verantwoordelik vir die woorde van *Die Stem*?
7.	Noem nog voorbeelde van musiekerfenis uit jou eie kultuur.

Table 4.4

Volg die opvoeder se instruksies in die uitvoering van die lied.

STAP 4: Toepassing

Voorbeelde van musiek uit my eie kultuur:

Om uit te vind wat erfenis vir bekendes beteken, kan jy gaan kyk op die volgende webtuiste: http://www.sahra.org.za/what.htm[5]

4.4.6 Aktiwiteit 1:

4.4.7 Om 'n produksie/musiekuitvoering te organiseer en te bemark

4.4.8 [LU 1.10]

Het julle al ooit gewonder wie verantwoordelik is vir alles wat julle sien en hoor in 'n uitvoering? Waarom word die uitvoering gehou? Wie reël die programme? Waar kry hulle die geld vir al die mooi uitrustings wat gebruik word? Hoe weet die deelnemers wanneer hulle op die verhoog moet gaan? Wie is verantwoordelik vir al die byklanke?

Teen die einde van hierdie aktiwiteit behoort julle antwoorde op al hierdie vrae te hê.

STAP 1: Groep

Konsepbepaling

"Maak 'n geleentheid van.....!"

Neem almal deel aan 'n klasbespreking om 'n besluit te neem t.o.v. 'n geleentheid in die vorm van 'n musiekuitvoering wat julle kan beplan, organiseer en bemark.

Gebruik die volgende riglyne in julle besluitneming. Voltooi die tabel sodra julle finaliteit ten opsigte van die tipe uitvoering en tema bereik het om probleemareas uit te lig en die nodige aantekeninge te maak.

[5] http://www.sahra.org.za/what.htm

Teikengroep	
Doel	
Tipe uitvoering	
Fasiliteite	
Toerusting	
Talent	
Tyd	Datum:
Finansies	
Ander	
FINALE BESLUIT:	

Table 4.5

STAP 2: Indiwidueel

Soos jy kan aflei uit die bespreking en besluitneming, is dit nie net 'n orkes en sangers wat nodig is vir 'n musiekuitvoering nie!

Daar is heelwat ander aspekte wat ook kreatiwiteit, beplanning en organisasie vereis om 'n suksesvolle produk op die planke te bring:

- administratief (bv. finansiële aspekte, fondsinsameling, kaartjies)
- artisties (bv. dansers, ontwerpers)
- tegnies (bv. beligting)

Noem vier voordele wat 'n produksie vir 'n gemeenskap kan inhou:

STAP 3: Individueel

Bestudeer die volgende tabel. Die opvoeder sal 'n omskrywing gee van elk van die aspekte.

Dui nou aan by watter afdeling en onderafdeling jy die graagste betrokke sou wou wees. Neem jou talente en voorkeure in ag en moenie beskeie wees nie.

Bemarking			**P**roduksie			
Fonds-insameling	Advertensie	Ander	Tegnies	Ontwerp	Dans	Musiek
	-publisiteit -program	-kaartjies-verversings	-beligting-verhoog-klank	-dekor-kostuums-rekwisiete		

Table 4.6

Motiveer hoekom jy dink jy by die spesifieke afdeling 'n positiewe bydrae kan lewer.

STAP 4: Tuiswerk, Individueel

Om 'n idee te kry wat produksie alles behels, is programme van ander produksies 'n goeie vertrekpunt.

Maak voorbeelde bymekaar van programme van skool- of professionele op- en uitvoerings soos musiek-blyspele, revues, operettes, ens.

Plak dit op in die klas of in jou leerderjoernaal.

Vergelyk nou twee van die programme krities met mekaar en dui jou voorkeure aan:

	Program **1**	**P**rogram **2**
Voorblad		
Samestelling		
Uitleg in geheel		
Uitleg van produksiespan		
Rolverdeling		

Table 4.7

Foto's		
Advertensies		
Borge		
Ander:		

Table 4.8

STAP 5: Beplanning t.o.v. Bemarking
Die hele klas gaan eers die bemarking van die produksie ondersoek.
Kies die PRODUKSIEBESTUURDER (kan opvoeder ook wees).
Die produksiebestuurder is verantwoordelik vir die algehele administrasie.
Onderverdeel in die volgende afdelings. Elke groep kies weer 'n leier.

Fondsinsameling	Fondsinsamelingko*ö*rdineerder
Advertensie	Publisiteit - publisiteitsko*ö*rdineerderProgram – programko*ö*rdineerder
Kaartjies	Kaartjiesko*ö*rdineerder of huisbestuurder
Verversings	Verversingsko*ö*rdineerder

Table 4.9

Elke onderafdeling lê 'n skriftelike beplanning en begroting aan die produksiebestuurder voor.
Beplannings en begrotings word in leerderjoernale geplak.
STAP 6: B eplanning t.o.v. Produksie self
Weer eens kry die hele klas die geleentheid om betrokke te wees in die artistiese en tegniese aspekte.
Kies die REGISSEUR (kan opvoeder ook wees).
Die regisseur neem die finale besluite t.o.v. die verloop van die produksie.
Bespreek die produksie.
'n Produksie-assistent kan die administratiewe werk behartig.
Onderverdeel in die volgende afdelings. Elke groep kies weer 'n leier.

Tegnies	Beligting – Beligtingsbestuurder en beligtingspan
	Verhoog – Verhoogbestuurder en verhoogspan
	Klank – Klankbestuurder en klankspan
Ontwerp	Dekor - Dekorontwerper en helpers (bv. verf)
	Kostuums – Kostuumontwerper/-bestuurder en naaldwerksters
	Rekwisiete – Rekwisiteur en helpers
	Dans – choreograaf en dansers
	Musiek - musiekregisseur en orkes, sangers, ens

Table 4.10

Elke afdeling doen **beplanning** in samewerking met die REGISSEUR.
Elke afdeling lê 'n begroting voor aan die PRODUKSIEBESTUURDER.
Beplannings (ook in die vorm van sketse) en begrotings word in leerderjoernale geplak.
Doen navorsing omtrent die "werk" wat jy moet verrig!
WENKE:
Beperk dit tot slegs een item.

- Die musiekregisseur en regisseur moet heel eerste hul beplanning doen sodat hulle die nodige agtergrondinligting (lied, liriek, styl, ritme en tempo, atmosfeer, agtergrond, gebeure op verhoog, ens) aan die tegnici, ontwerpers en choreograaf kan oordra wat nodig is vir hulle beplanning.
- Keuse van lied: kies 'n lied uit julle eie kultuur of omgewing, of maak gebruik van die nasionale volkslied soos uiteengesit in die vorige aktiwiteit. Alhoewel dekor en dans hierby ingesluit is, word dit nie vereis nie.
- Kan julle die lied uitvoer volgens julle beplanning?

4.4.9 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
skepping, interpretasie en aanbiedingDie leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
continued on next page

DANS
1.1 deelneem aan die choreografie en aanbieding van ‘n kort dans vir ‘n opvoering of kulturele gebeurtenis;1.2 ter voorbereiding van die liggaam, ‘n stel opwarmings- en vaardigheidsopbouende bewegingsreekse akkuraat doen, insluitende liggaamskondisionering en danstegnieke in ‘n bepaalde styl;1.3 gekoördineerd, musikaal, met gehalte, styl, balans en beheer oor ruimte heen in bewegingsreekse beweeg;1.4 werk leer en opvoer, met gepaste styl en bewegingsgehalte, wat deur ander gechoreografeer is uit minstens twee kulture – wat mag insluit:
1.4.1 klassiek / tradisioneel (uit Afrika, Oosters of Westers);
1.4.2 kontemporêr;
1.5 ‘n dans skep, met ‘n duidelike begin, middel en einde, waarin passies of style van meer as een Suid-Afrikaanse dansvorm saamsmelt;
DRAMA
1.6 ‘n eenvoudige opwarmingsroetine met die klas uitvoer;1.7 deelneem aan ‘n aspek van die beplanning, organisasie, reklame, fondsinsameling of produksie van ‘n dramatiese item wat ‘n gehoor sal hê;
MUSIEK
1.9 die stem en beskikbare slag- of melodiese instrumente gebruik en musiek maak;1.10 ‘n musiekuitvoering organiseer en bemark ten opsigte van die beplanning, reklame, fondsinsameling en produksie daarvan;
VISUELE KUNS
1.14 kuns, handwerk of ontwerpstukke skep wat:
1.14.1 idees of begrippe in ‘n visuele vorm weergee;
1.14.2 demonstreer dat die elemente en beginsels van ontwerp met selfvertroue gebruik word;
1.15 ‘n entrepreneursbewustheid van die bemarking van kunsprodukte in terme van die teikenmark, verpakking, plek, prys, reklame, klanteverhoudings en ‘n bewustheid van toerisme ontwikkel;
1.17 eie en groep se kunswerke (insluitend tekens, etikette en byskrifte) vir ‘n openbare aanbieding selekteer, aanbied en monteer.

Table 4.11

Attributions

Collection: *Kuns en Kultuur Graad 9*
Edited by: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/col11066/1.1/
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Analise van 'n verpakkingsontwerp"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25290/1.1/
Pages: 1-4
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Massamedia en die musiekbedryf"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25291/1.1/
Pages: 4-9
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Kleure in advertensies"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25292/1.1/
Pages: 9-12
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Skep 'n advertensie of promosieveldtog"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25303/1.1/
Pages: 12-14
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Die invloed van tegnologie op die verspreiding van musiek"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25304/1.1/
Pages: 15-23
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Strooisage of poppekas"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25305/1.1/
Pages: 23-28
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Hoe dans die veranderende waardes van die tyd weerspieel"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25309/1.1/
Pages: 28-40
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Subkulture met betrekking tot kuns en kultuur"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25310/1.1/
Pages: 40-51
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Sosiale danse deur die tye"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25311/1.1/
Pages: 53-55
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Invloede en omstandighede wat 'n kunstenaar se ontwikkeling vorm"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25312/1.1/
Pages: 55-59
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Hoe musiek gebruik word om reaksie te ontlok"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25313/1.1/
Pages: 59-63
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Rolprente uit twee verskillende genres"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25509/1.1/
Pages: 64-68
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Beplan 'n radio advertensie"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25362/1.1/
Pages: 69-72
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "'n Afrika-dans vir Erfenisdag"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25319/1.1/
Pages: 73-80
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Ontwerp 'n verhoogstel en advertensieplakkaat"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25357/1.1/
Pages: 80-83
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Enkelvoudige en reelmatige maatslag"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m25361/1.1/
Pages: 83-90
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

About Connexions

Since 1999, Connexions has been pioneering a global system where anyone can create course materials and make them fully accessible and easily reusable free of charge. We are a Web-based authoring, teaching and learning environment open to anyone interested in education, including students, teachers, professors and lifelong learners. We connect ideas and facilitate educational communities.

Connexions's modular, interactive courses are in use worldwide by universities, community colleges, K-12 schools, distance learners, and lifelong learners. Connexions materials are in many languages, including English, Spanish, Chinese, Japanese, Italian, Vietnamese, French, Portuguese, and Thai. Connexions is part of an exciting new information distribution system that allows for **Print on Demand Books**. Connexions has partnered with innovative on-demand publisher QOOP to accelerate the delivery of printed course materials and textbooks into classrooms worldwide at lower prices than traditional academic publishers.